# HOOFSTUK 5

# MUNISIPALE INFRASTRUKTUUR EN DIENSLEWERING

Die ontwikkeling van 'n munispale infrastruktuur het sedert 1903 langsamerhand, maar doelgerig vordering gemaak. In die vroeë geskiedenis van die munisipaliteit is Krugersdorp in meer as een opsig as toonaangewend vir munisipaliteite aan die Witwatersrand (Gauteng) gesien, byvoorbeeld, die *Merryweather* brandweerwa was in 1909 die eerste van sy soort in Suid-Afrika, terwyl die nuwe, moderne slagpale wat in 1906 opgerig is, hoog aangeskryf is deur groter munisipaliteite soos Johannesburg.[1] Die skep van munisipale infrastruktuur en die lewering van munisipale dienste word in die Municipal Corporations Ordonnansie, No. 58 van 1903 beskryf.[2] Dit sluit die voorsiening van water, elektrisiteit, strate, toegangspaaie en ontspanningsfasiliteite in. Munisipale dienslewering sien om na die gesondheid en welsyn van die gemeenskap deur middel van vullisverwydering en sanitasie, gesondheidsdienste, brandweerdienste en ander sosiale dienste.

Munisipale Owerhede is veeldoelige instellings wat deur middel van nasionale wetgewing en provinsiale ordonnansies met uiteenlopende funksies belas is. Die funksionele werksaamhede van 'n munisipaliteit word in die algemeen saamgegroepeer vir doeleindes van effektiewe dienslewering, administrasie en beheer.[3] Die saamgroepering van funksies is uniek tot individuele munisipaliteite. Die aard en omvang van dienslewering verskil van gebied tot gebied, en van bevolkingsgroep tot bevolkingsgroep.

In die loop van die twintigste eeu het die verantwoordelikheid van Munisipale Owerhede as gevolg van stedelike uitbreiding en toenemende sofistikasie in bestuurstelsels uitgebrei. Die nasionale politieke beleid het 'n groot rol gespeel in die kwalitatiewe en kwantitatiewe dienste wat aan verskillende bevolkingsgroepe

---

1 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1910*, p.28; *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1907*, p.13.

2 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Government Gazette Extraordinary*, Vol.10, No. 187, 25 Sept. 1903, p.922.

3 J.J.N. Cloete, *Munisipale regering en administrasie in Suid-Afrika*, p.154.

gelewer is. Volgens Meiring[4] word die kwantiteit van dienste bepaal deur ekonomiese, maatskaplike en fisiese faktore, byvoorbeeld die beskikbaarheid van fondse en die status en bevolkingsdigtheid van woongebiede. Kwalitatief sal die lewenstandaard van die inwoners 'n invloed op die munisipale dienslewering uitoefen, byvoorbeeld 'n hoër kwaliteit diens vir inwoners met 'n hoër lewenstandaard. Munisipaliteite moet poog om die kwalitatiewe en kwantitatiewe lewensterrein van inwoners in die munisipale gebied, te verbeter. Die bepaling van wat "kwaliteit" en "kwantiteit" is, word beïnvloed deur die waarde en persepsie van inwoners, raadslede en amptenare ten opsigte van 'n bepaalde gemeenskap, woongebied of munisipale diens.

Amptenare plaas volgens Meiring[5] 'n hoër prioriteit op feitelike inligting, terwyl raadslede 'n groter premie plaas op waardes van inwoners. Dit lei tot bepaalde persepsies van die aard en omvang van munisipale dienste. In die meeste gevalle is openbare reaksie op munisipale dienslewering swak, wat die persepsie laat dat die gemeenskap tevrede is met die dienste wat gelewer word. Die publiek reageer net wanneer hulle persoonlik geraak word. 'n Bestudering van berigte in plaaslike koerante bevestig dat die Krugersdorp gemeenskap slegs op munisipale dienste en raadsbesluite gereageer het wanneer hulle ontevrede was.

Die Stadsklerk is die hoof uitvoerende beampte van die Krugersdorp Stadsraad. Hy ontvang sy opdragte van die Stadsraad en is vir die optrede van die amptenary verantwoordelik aan die Stadsraad. Die stadsklerk delegeer die opdragte van die Stadsraad aan die betrokke departementshoofde, wat vir die uitvoering en terugrapportering daarvan aan die Stadsraad verantwoordelik is. Die funksies van die munisipaliteit is in 1993 in die volgende departemente verdeel:

4 M.H. Meiring, *Persepsies oor munisipale dienslewering* (Geleentheidspublikasie no. 11, Instituut vir beplanningsnavorsing, UPE) pp.1,17,18.

5 M.H. Meiring, *Beleidsproses vir munisipale dienslewering: 'n geselekteerde ondersoek* (Geleentheidspublikasie no. 12, Instituut vir beplanningsnavorsing, UPE), pp.141,142.

| **KRUGERSDORP MUNISIPALITEIT**<br>**DEPARTEMENTELE FUNKSIES IN 1993** | |
|---|---|
| **Departement** | **Funksies** |
| Stadsklerk | Bestuursdienste |
| Stadsekretaris | Administrasie en rekordhouding<br>Regsadviesdienste<br>Personeeldienste<br>Stadsbeplanning<br>Waardasies<br>Openbare skakeling<br>Kantoor van die burgemeester |
| Stadstesourier | Inkomste en uitgawerekening<br>Meterlesings<br>Interne oudit<br>Dataverwerking<br>Munisipale store en voorraadaankope. |
| Siviele Stadsingenieur | Paaie en strate<br>Stormwaterdreinering<br>Werke en instandhouding<br>Werkswinkel (tegnies)<br>Watersuiwering<br>Waterretikulasie<br>Riool en sanitasie<br>Bou-inspekteurs<br>Parke en rekreasie<br>Omgewingsbestuur |
| Elektrotegniese Stadsingenieur | Elektrisiteitsvoorsiening<br>Elektrotegniese werkswinkel<br>Elektrotegniese instandhouding<br>Meganiese werkswinkel<br>Voertuig vlootbestuur |
| Beskermingsdienste | Verkeer<br>Lisensies<br>Sekuriteitsdienste<br>Nooddienste |
| Gemeenskapsdienste | Gemeenskapsgesondheid (inspektoraat)<br>Primêre gesondheid (klinieke)<br>Reiniging en vullisverwydering<br>Stortingsterreine<br>Sosiale ontwikkeling<br>Gemeenskapsentrums<br>Behuising en hostelle<br>Biblioteekdiens<br>Museum en kultuurdienste |

**Figuur 25**

In die verskillende onderafdelings van hierdie hoofstuk word die historiese ontwikkeling van verskeie fasette van infrastruktuur en munisipale dienslewering bespreek.

## 5.1. WATERVOORSIENING

Beskikbaarheid van water en die voorsiening daarvan is baie belangrik by die aanleg van 'n dorp. Daarom is die meeste dorpe in Suid-Afrika aangelê in die omgewing van 'n standhoudende fontein of op die oewers van 'n rivier. Krugersdorp is geen uitsondering nie. Standplaasdorp is aangelê langs die Dorpspruit, wat gevoed is deur 'n standhoudende fontein. Die Distriksdorp is aan die oorkant van dieselfde spruit aangelê, sodat die spruit as grens skeiding tussen die twee dorpe gedien het.[6]

In die begin was Krugersdorp uitsluitlik van die spruit vir sy waterbehoeftes afhanklik, aangevul deur putte en boorgate wat deur inwoners op hulle standplase gesink is. Die gesondheidsinspekteur het volgens verslae, gereeld die water getoets om te verseker dat dit geskik is vir menslike gebruik.[7]

'n Ernstige uitbreek van ingewandskoors het reeds in 1902 die Gesondheidskomitee gedwing om na alternatiewe bronne vir watervoorsiening te kyk. Hulle keuse het op 'n standhoudende fontein oos van Krugersdorp geval. Die fonteinwater was in 'n gronddam opgevang en deur middel van 'n pypleiding na sentrale pompe in die dorp herlei. Water vir huishoudelike gebruik is vanaf die pompe in emmers aangedra.[8]

Die Munisipaliteit van Krugersdorp was in 1904 verplig om na verdere alternatiewe waterbronne te kyk. Die pasgestigde Randse Waterraad kon nie in hierdie stadium in die dorp se behoeftes voorsien nie, sodat die Munisipale Raad besluit het om self in die waterbehoeftes van die dorp te voorsien. Opdrag is daarom aan die stadsingenieur gegee om 'n skema te ontwikkel en water binne die bereik van al die inwoners te bring. Dit sluit die residensiële gebiede Burgershoop en Luipaardsvlei in.[9]

---

6 Kyk Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1904*, p.15. Verwys na Bloemfontein wat naby 'n standhoudende fontein, en Potchefstroom wat op die oewer van die Mooirivier aangelê is.

7 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W3, *Water supply*, sd. Kyk ook *Burgemeestersverslae*, 1904-1917.

8 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W3, *Water supply*, sd.

9 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1904*, p.15.

Die nuwe waterskema vir Krugersdorp het voorsiening gemaak vir die bou van 'n dam, met 'n betonwal, in die kloof naby die standhoudende fonteine aan die hang van die berg.[10] Die fonteine het nagenoeg 15000 gallon (6819.35 liter)[11] water per dag in 1906 opgelewer terwyl die kapasiteit van die dam nagenoeg drie miljoen gallon (454.709 kiloliter) was.[12] Water is vanaf die dam deur middel van gravitasie in pype na die laerliggende residensiële gebiede herlei. Hierdie waterskema het ongeveer £15 000 (vyftienduisend pond) gekos en het die water tot by elke huis gebring. Twee boorgate is in dieselfde jaar gesink om water aan die hoërliggende gebiede van die Distriksdorp te bring. Water is uit die boorgate na 'n hoërliggende reservoir gepomp, waarvandaan dit deur middel van gravitasie in pype na die dienspunte herlei is.[13]

Die Munsipale Raad het intussen ook in die waterbehoeftes van Randfontein voorsien deur die ontwikkeling van 'n geskikte waterskema. Water is uit boorgate na 'n reservoir gepomp en deur middel van pype tot by sentrale punte in die woongebied gebring.[14]

Krugersdorp-munisipaliteit het onafhanklik van die Randse Waterraad in sy eie waterbehoeftes voorsien. Die Randse Waterraad is in 1903 geproklameer onder Ordonnansie no. 32 van 1903, met die doel om die waterbronne en

---

10 Die berg het nie 'n spesifieke naam nie. In die volksmond word daarna verwys as die "Dorpsberg", wat 'n aanduiding is van die ligging van die berg naby die sentrale dorpsgebied. Daar word ook na die berg verwys as die "Monumentberg" met verwysing na die Paardekraalmonument, of as die "Hospitaalberg" omdat die hospitaal teen die hang van die berg opgerig is. Die "berg" is deel van die Witwatersrand wat in die rigting van die sentrale dorpsgebied 'n skerp rif vorm en dusdanig 'n landmerk in die geografiese ligging van Krugersdorp vorm.

11 *Keartland's metrieke omsettingstabelle,* Een gallon is gelyk aan 4.54609 liter, tabel 23.

12 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1906*, p.7.

13 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1905,* p.4. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W3, *Water supply*, sd.

14 TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/1/3, Notule *Municipal Council*, 28 Des. 1905.

watervoorsiening aan die Witwatersrand te beheer en te bestuur. Die Krugersdorp-munisipaliteit was een van die stigterslede van die Waterraad. Die magte van die Waterraad is in 1904 vergroot. Bevoegdheid is aan die Waterraad verleen om aandele op die aandele mark te noteer (Ordonnansie no. 48 van 1904). Verdere wysigings aan die magte en bevoegdhede van die Waterraad met betrekking tot die aangaan van lenings vir die finansiering van watervoorsieningsprojekte het in 1905 (Ordonnansie no. 30 van 1905) en in 1906 (Ordonnansie no. 21 van 1906) gevolg.[15]

Teen 1908 het die Randse Waterraad water voorsien aan Johannesburg en aan dorpe aan die Oosrand, asook aan Roodepoort-Maraisburg aan die Wesrand. Die munisipaliteite het die water gesuiwer, in groot maat van die Waterraad gekoop en plaaslik aan verbruikers verkoop. Ongeveer 85% van die water deur die Waterraad in 1908 voorsien, is deur die munisipaliteite opgeneem en 15% deur die myne en ander gebruikers.[16] In hierdie stadium het die Waterraad geen water aan Krugersdorp voorsien nie.

In die lig van die feit dat die munisipaliteit van Krugersdorp tot in hierdie stadium in sy eie waterbehoeftes voorsien het, was die Munisipale Raad dus nie geneë om 'n vasgestelde heffing vir die voorsiening van water, wat Krugerdorp nie gebruik nie, te betaal. Die voorgestelde wysiging van die Ordonnansie wat vir die betaal van die heffing voorsiening gemaak het, is heftig deur die Munisipale Raad teengestaan. Die wysiging kon nie sonder Krugersdorp, as stigterslid van die Waterraad, ingestel word nie. Alhoewel die voorgestelde wysiging van die ordonnansie nie goedgekeur is nie, het die Regering in 'n regulasie die Krugersdorp Munisipaliteit verplig om die heffing te betaal.[17] Hierteen het die Munisipale Raad ernstig beswaar aangeteken op 'n publieke vergadering. Die burgemeester het hom in sy verslag soos volg oor die aangeleentheid uitgelaat:[18] "...but being a

15 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1908*, pp.13-15.

16 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1908*, p.14.

17 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1908*, p.15.

18 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1909*, p.9.

Government measure it was impossible to bring any influence to bear or in any way to amend it. I consider the Council has a very real and just grievance against the Government in saddling them with such a contribution to a body from which they gain no advantage whatever, who, even at the time of writing have not extended their operations to this municipality in view of the fact that the Government has approved of the Council laying down their own Water Scheme and even as late as this year consenting to the Council enlarging the Scheme."

Tydens die ernstige droogte van 1912 het die munisipaliteit steeds sy eie water voorsien. Geen waterbeperkings is ingestel nie, behalwe om die watertoevoer snags tussen 20:00 en 05:00 af te draai. Hierdie stap is gesien as 'n voorkomende maatreël en nie as waterbeperking nie, omdat Krugersdorpers 'n voorliefde gehad het om hulle tuine snags nat te lei.[19] *The Star* het inwoners daarop gewys dat die Munisipale Raad die verpligte heffing aan die Waterraad betaal en daarom geregtig is op 'n pro-rata gedeelte van die beskikbare watervoorraad indien die nood dreig en die munisipaliteit nie langer in sy eie waterbehoeftes kon voorsien nie. In hierdie stadium het die munisipaliteit water van die Waterraad getrek vir gebruik deur die Krugersdorp spoorwegstasie. Geen water vir huishoudelike gebruik was deur die Waterraad aan Krugersdorp voorsien nie. Water vir huishoudelike gebruik is deur die munisipaliteit voorsien uit boorgate, waterputte (foto no.28) en gronddamme binne die munisipale gebied. Die water is gefiltreer en dan in 'n reservoir gepomp, waarvandaan dit na die dorp geretikuleer is. Die boorgate is as gevolg van die droogte 24 uur per dag gepomp. Die myne het hulle water direk vanaf die Waterraad gekry.[20]

Inwoners is aangemoedig om vanuit 'n gesondheidsoogpunt water vanaf die munisipaliteit te kry. Dit was veral die dakwater wat in tenks opgevang is, wat 'n hoë gesondheidsrisiko ingehou het. Die gesondheidsinspekteur het daarom gereeld watermonsters van privaat waterbronne geneem om dit te toets vir skadelike bakterieë. Ter viering van Uniewording het die Women's

19 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Star*, 17 Sep. 1912, Kyk ook inligtingslêer W3, *Water supply*, sd.

20 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 Oct. 1912*, p.88.

Christian Temperance Union in 1910 'n sierlike drinkfontein aan Krugersdorp geskenk. Hierdie drinkfontein is op die suid-oostelike hoek van die markplein, oorkant die Grand Hotel, geplaas om drinkwater aan 'dorstiges' in die dorp te voorsien sodat hulle nie nodig gehad het om na die kroeg daarvoor te gaan nie. Drinkbekers was by die fontein voorsien. Die drinkfontein is op 22 Oktober 1910 seremonieël aan die dorp oorhandig.[21]

Watervoorsiening is in 1911 na die Ou Lokasie uitgebrei. Waterkrane is op sentrale punte in die woongebied geplaas, binne bereik van al die inwoners.[22] Geen lopende water was in 1987 in die huise voorsien nie. Die inwoners was steeds afhanklik van "staanwater" wat op al die straathoeke getap kon word. Water vir huishoudelike gebruik is in emmers daarvandaan aangedra.[23]

Burgershoop en Wes-Krugersdorp is in 1919 ten volle van water voorsien en alle ander dele van die dorp teen 1922. Watermeters is in 1921 vir die hele munisipale gebied geïnstalleer.[24] Die retikulasie van water is in 1929 na Lewisham en die Lewishamlokasie uitgebrei. 'n Watertoring is opgerig om die druk na hierdie gebiede te verhoog en die vloei van die water te verbeter. Water is in Lewisham aan elke huishouding voorsien, maar is in die lokasie slegs tot by sentrale standkrane aangelê waarvandaan water vir huishoudelike gebruik aangedra moes word.[25]

Die dorp is aan die hooftoevoer vanaf die Randse Waterraad gekoppel, alhoewel water steeds slegs vir gebruik deur die spoorwegstasie vanaf hierdie bron getrek is. Teen 1939 het die prentjie begin verander as gevolg van die snelle groei van die dorp en die munisipaliteit het al hoe meer water vanaf die Waterraad begin trek, soos weerspieël in onderstaande tabel.[26]

---

21 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1910*, p.9. Kyk ook inligtingslêer D13, *Drinkfontein*, sd.

22 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1912*, p.48.

23 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M3, *William Ramsay McNab*, 1987.

24 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/51, korrespondensielêer C13, Uittreksel *Notule van Finansiekomitee*, 13 Jan. 1921.

25 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/20, korrespodensielêer A45, *Jaarverslag van Mediese beampte*, 30 Junie 1929.

26 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/21, korrespondensielêer A45, *Statistiek Waterverbruik*, 1930-1935. Die statistiek word in gallon weergegee vanweë die groot getalle wat omrekening na liter meebring. Een gallon is gelyk aan 4.54609 liter. *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, tabel 23.

| KRUGERSDORP-WATERVERBRUIK 1930 - 1935 | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Boorgat gallon** | **Rand Waterraad gallon** | **Totaal gallon** |
| 30 Junie 1930 | 63 015 600 | 12 690 000 | 75 704 600 |
| 30 Junie 1931 | 58 220 000 | 12 689 000 | 83 251 000 |
| 30 Junie 1932 | 51 950 600 | 25 031 000 | 91 174 600 |
| 30 Junie 1933 | 35 717 400 | 39 224 000 | 94 525 400 |
| 30 Junie 1934 | 42 122 300 | 57 939 000 | 100 061 300 |
| 30 Junie 1935 | 42 491 100 | 64 676 000 | 107 157 100 |
| **Totaal** | **293 507 000** | **258 367 000** | **551 874 000** |

**Figuur 26**

Die invloed wat die ernstige droogte in 1933 op die voorsiening van boorgatwater gehad het, kan duidelik in die tabel opgemerk word.

Die Randse Waterraad is verantwoordelik vir die suiwering van die water en lewering daarvan in 'n reservoir, waarvandaan dit deur die munisipaliteit na die verbruiker geretikuleer word. Die water word onder druk in staal- of asbespype geretikuleer.[27]

Water is vir die eerste keer in 1948 aangelê in sub-ekonomiese huise in Munsieville en die woongebied vir Bruinmense. Huisbewoners het 'n deposito van £2 (twee pond) vir die watergebruik betaal. Die eerste 1500 gallon (6819.135 liter)[28] water verbruik, is by die huishuur ingesluit. Verbruik meer as die 1500 gallon water moes voor betaal word. Hiervoor het die Stadsraad 'n addisionele deposito van tien sjielings verlang.[29]

Watermeters is in hierdie jaar in 36 van die sub-ekonomiese huise in die Woongebied vir Bruinmense geïnstalleer. Die totale waterverbruik[30] van hierdie huise in 1948 is:

27 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M3, *Burgemeestersverslag 1959*, p.17.

28 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een gallon is gelyk aan 4.54609 liter, tabel 23.

29 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensielêer C19, Uittreksel uit notule *Openbare gesondheid en Nie-Blankesake komitee*, 8 April 1948.

30 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een gallon is gelyk aan 4.54609 liter, tabel 23.

| WATERVERBRUIK: WOONGEBIED VIR BRUINMENSE 1948 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Maand** | **Totaal** | | **Gemiddeld per huishouding** | |
| | **Liter** | **Gallon** | **Liter** | **Gallon** |
| Maart | 301860.37 | 66 400 | 8339.34774 | 1 834.4 |
| April | 228213.01 | 50 200 | 6339.0687 | 1 394 .4 |
| Mei | 201391.78 | 44 300 | 5593.9637 | 1 230.5 |
| Junie | 189571.95 | 41 700 | 5265.736 | 1 158.3 |
| Julie | 160476.97 | 35 300 | 4457.4412 | 980.5 |
| Augustus | 207301.70 | 45 600 | 5758.0775 | 1 266.6 |

**Figuur 27**

Die afname in waterverbruik, wat 'n aansienlike besparing vir die Stadsraad beteken het, is opmerklik. Volgens 'n skrywe van die stadsklerk aan S. George, 'n plaaslike inwoner van die Woongebied vir Bruinmense, is die besparing van water die oogmerk waarna die Stadsraad gestreef het met die installering van die watermeters, want verskeie Bruinmense het water in oormaat gebruik en water onnodig gemors. Die stadsklerk het verder daarop gewys dat bewoners van sub-ekonomiese huise bevoorreg is om water tot in hulle huise te hê, want die inwoners van ekonomiese huise, wat dieselfde huurgeld betaal het as die sub-ekonomiese huise, is afhanklik van "staanwater" wat hulle by krane op sentrale punte moes tap en aandra huistoe.[31]

Die watervoorsiening van die Randse Waterraad is in 1958 steeds aangevul uit waterbronne van die munisipaliteit. Krugersdorp het hierdie jaar gemiddeld 849300 gallon (3860994.2 liter) water uit eie bronne en 831397 gallon (3779605.15liter) water voorsien deur die Waterraad, verbruik.[32] In 1959 het die munisipaliteit aansoek gedoen by die Departement Waterwese om 'n lening vir die uitbreiding van sy waterretikulasieskema ten einde die grootmaat water binne die bereik van al die inwoners te bring. Drie reservoirs

---

31 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensieleêr C19, Brief Stadsklerk Krugersdorp-S.George, 21 Sept. 1948.

32 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 11 Maart 1958*, p.7; *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een gallon is gelyk aan 4.54609 liter, tabel 23.

is aan die grootmaat toevoer van die Randse Waterraad gekoppel, naamlik die Ou Kenmare-reservoir, die Nuwe Kenmare-reservoir en die Kenmare-pompstasie. Die munisipaliteit het twee verdere reservoirs opgerig, naamlik in Munsieville en in Kagiso.[33]

Water vir huishoudelike gebruik is reeds in 1945 aan die Oatlands hoewebewoners voorsien. Die maandelikse waterverbruik van die Oatlands landbouhoewes was in hierdie stadium 5000 gallon (22730.45 liter).[34] Twee-en-twintig hoewe-eienaars van Chancliff het in 1966 by die Stadsraad aansoek gedoen om as gevolg van die droogte, by die dorp se waterskema ingeskakel te word. Die Stadsraad het hiertoe ingestem op voorwaarde dat die water slegs vir huishoudelike gebruik en vir diere gebruik kon word en nie vir besproeiingsdoeleindes nie. Elke hoewe-eienaar moes 'n heffing van R8-00 per maand vir die aansluiting van die water betaal, plus die werklike verbruik.[35]

Die droogte en watertekort het die Krugersdorp Golfklub, wat tussen 2400000 en 3000000 gallon (10910616 en 13638270 liter)[36] water per jaar vir besproeiing benodig het, ernstig geraak. Op versoek van die Golfklub het die Stadsraad goedkeuring verleen dat die Klub gesuiwerde rioolwater vir besproeiingsdoeleindes kon gebruik, op voorwaarde dat die varswaterbronne nie besmet word nie. Die Klub het hierna 'n afsonderlike besproeiingsnetwerk vir die setperke en grasperke ontwikkel.[37]

Waterbeperkings wat in 1966 as gevolg van die droogte deur die Randse Waterraad ingestel is, het in Krugersdorp die gewenste uitwerking gehad en

---

33 TAB, Pretoria, TPB, band 3487, verw. TALG 9-1-18, Brief Dept Waterwese-Stadsklerk Krugersdorp, 13 Mrt. 1959.

34 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, Brief Stadstesourier-Stadsklerk, 1 Febr. 1966; *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een gallon is gelyk aan 4.54609 liter, tabel 23.

35 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W3, Korrespondensie Elektrotegniese en werktuigkundige ingenieur-Chancliff Aksiekomitee, 1966.

36 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een gallon is gelyk aan 4.54609 liter, tabel 23.

37 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W3, Brief Hoof Ingenieur-Stadsklerk, 21 Apr. 1966.

'n afname in gebruik van 57 miljoen gallon (259127130 liter)[38] water oor 'n tydperk van drie maande meegebring. Ten spyte van die besparing het die Stadsraad 12.7% meer water van die Waterraad aangekoop as in die ooreenstemmende periode die vorige jaar. Die burgemeester het die toename toegeskryf aan die lae reënval wat die munisipaliteite se eie bronne beïnvloed het.[39]

Die vinnige uitbreiding van die residensiële gebiede sedert die sestigerjare het tot die ontwikkeling van bykomende waterskemas in Krugersdorp aanleiding gegee. Die Kenmare-reservoir en Munsieville-watertoring is in 1969 van nuwer en groter uitlaatpype voorsien. Die Stadsraad het in dieselfde jaar ook met die Waterraad onderhandel om water direk aan die nywerhede in Delporton te voorsien. Die Delportonskema is teen 'n koste van R66000-00 aangelê.[40] Die Stadsraad het 1455743000 gallon (6617938600 liter)[41] water teen 1969 by die Waterraad aangekoop. Dit is 9.75% meer water as die verbruik in die voorafgaande jaar.[42]

Die nuwe Kenmare-reservoir is in 1976 teen 'n koste van R283565-00 voltooi.[43] Probleme wat hierna met lae en wisselende waterdruk in die Kenmare- en Factoria areas ondervind is, is aangespreek deur die vervanging van die waterpomp by die Kenmare-watertoring. Die stelsel is ook voorsien van 'n dieselenjin wat outomaties aangeskakel het in geval van kragonderbrekings.[44]

Algemene instandhouding van die waterretikulasiestelsel is op 'n jaarlikse grondslag gedoen. Die instandhouding het die vervanging van waterpype, krane en -meters ingesluit. Die instandhouding het teen 1980 groter afmetings

---

38 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een gallon is gelyk aan 4.54609 liter, tabel 23.

39 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 10 Maart 1966*, p.26. Die waterverbruik in Desember 1965 was 130 miljoen gallon en in Februarie 1966 was dit 23 miljoen gallon, 'n vermindering van 57 miljoen gallon.

40 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 13 Maart 1969*, p.17.

41 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een gallon is gelyk aan 4.54609 liter, tabel 23.

42 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 13 Maart 1970*, pp.7,8.

43 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1975-1976*, p.28.

44 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1978-1979*, pp.28,29.

begin aanneem in gebiede waar die netwerk reeds vir dertig tot veertig jaar in gebruik was. Die stelsel in die Sentrale Besigheidsdistrik, Krugersdorp-Noord (Distriksdorp), Wes-Krugersdorp, Burgershoop, Factoria en Kenmare was oud en swak en dit kon weens die verhoogde verbruikerspatrone nie meer in die behoefte van die gemeenskappe voorsien nie. Die Siviele Stadsingenieur het daarom sedert 1980 die ou stelsel stelselmatig begin vervang. In hierdie stadium het Krugersdorp gemiddel 33 miljoen liter water per dag verbruik.[45]

Sedert 1980 het die waterafdeling in die departement van die Siviele Stadsingenieur hulle aandag toegespits op die vergroting en uitbreiding van die waterretikulasieskema. 'n Groot deel van die departement se werk is om voorkomend op te tree en gereeld instandhoudingswerk te doen. In 1993 het slegs 0.3% van Krugersdorp se inwoners nie direkte toegang tot water gehad nie. Bogenoemde 0.3% inwoners woon in die Muldersdrift-gebied, waar 'n swak waternetwerk bestaan en inwoners afhanklik is van water wat uit privaat boorgate voorsien word. Die munisipale infrastruktuur voldoen aan die vereistes om in hierdie inwoners se waterbehoeftes te voldoen. Die ontwikkeling van 'n waternetwerk in Muldersdrift is egter 'n langtermyn projek wat in die toekoms groot kapitale uitgawes van die Oorgangsraad gaan verg.[46]

## 5.2. ELEKTRISITEITSVOORSIENING

### 5.2.1 KRUGERSDORP-KRAGSTASIE, 1904-1922

Die Munisipale Raad het reeds in 1904 in beginsel ten gunste van 'n beligtingskema vir Krugersdorp besluit. Opdrag is aan die stadsingenieur gegee om die nodige ondersoek in te stel. Die voorstel van F. Saunders is in 1906 vir die oprigting van 'n elektrisiteitskema is goedgekeur en die tenders van Reunert en Lens en van Harris, Lee and Co. vir die toerusting en installering is aanvaar.[47] Die kragstasie is in Presidentstraat, oorkant die markplein, opgerig (foto no.29). Die elektrisiteit is in 1908 vir die eerste keer

---

45 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1979-1980*, p.29.

46 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council*, Jan. 1996, p.37.

47 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E4, *Electricity department*, sd.

seremonieel deur die burgemeestersvrou, mev. G. van Blommenstein, aangeskakel.[48]

Die elektrisiteitskema is aanvanklik primêr ontwikkel met die oog op straatbeligting. Die installering van straatbeligting vir die sentrale gebied het goed vordering gemaak. Slegs die hoofverkeersweë was aanvanklik verlig. In 1907 is tien Hera-ligte van 50 kerskrag elk as eksperiment in Luipaardsvlei aangebring. Onsekerheid het geheers of die kragopwekkers sterk genoeg sou wees om krag oor die groot afstand na Luipaardsvlei te herlei. Die onsekerheid was egter ongegrond want die straatligte in Luipaardsvlei is vir die eerste keer in 1910 almal gelyktydig met een skakelaar in die kragstasie aangeskakel.[49]

Vir baie van die inwoners was dit 'n ondenkbare luukse om elektrisiteit in hulle wonings te hê. Met die aanvang van die skema was slegs 44 privaatgebruikers aan die netwerk gekoppel. Aan die einde van 1908 was daar 161 privaat gebruikers. Privaatgebruikers moes 'n deposito gelykstaande aan twee maande se verwagte elektrisiteitsverbruik deponeer, voordat hulle aan die kragnetwerk gekoppel kon word. Verbruikers moes 'n minimum bedrag vir maandelikse verbruik betaal. Die Raad het besluit dat staatsdepartemente die werklike verbruik moes betaal.[50]

Namate die aanvraag vir elektrisiteit toegeneem het, was die munisipaliteit verplig om die personeel en toerusting in die kragstasie te vermeerder. Die tarief vir elektrisiteitsverbruik oor lang ure van die dag is verlaag ten einde die verbruik van elektrisiteit bedags aan te moedig. 'n Glyskaal van ses, vyf of vier pennies is in die verordeninge voorsien om die gebruik van elektrisiteit gedurende die dag aan te moedig.[51] In die praktyk het dit beteken dat

48 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Rand Daily Mail*, 1 Jan. 1908, p.1.

49 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1910*, p.27.

50 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E4, *Electricity department*, sd.

51 Biblioteeek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1910*, p28.

kragverbruik vir huishoudelike doeleindes gedurende die dag bereken is teen vier pennies per eenheid en saans, wanneer meer mense van die elektrisiteit gebruik gemaak het, is dit bereken teen ses pennies per eenheid.

Die Stadsraad het in 1910 oorweging gegee aan uitbreiding van die elektrisiteitskema om in die toenemende vraag na elektrisiteit te voorsien. Die totale kapasiteit van die kragopwekker was slegs 170 Kw. 'n Tweede kragopwekker wat 225 Kw kon opwek, is derhalwe van Reunert en Lenz aangekoop.[52] In dieselfde jaar het die Stadsraad met die spoorwegadministrasie onderhandel om krag vir die stasie by die munisipaliteit aan te koop. Die stasie was 'n groot kragverbruiker wat tussen 05:00 en 13:00 sy grootste aanvraag gehad het, 'n periode wanneer die aanvraag van ander verbruikers baie laag was.[53]

Die aanvraag na elektrisiteit het gaandeweg toegeneem. Randgate is in 1912 aan die netwerk gekoppel, terwyl straatbeligting vanaf die Randfonteinstasie na Randgate aangelê is. Hiervoor is 'n spesiale sub-kragstasie in Randfontein gevestig.[54] Die daaropvolgende jaar is elektrisiteit aan Lewisham en die Distriksdorp voorsien.[55] Straatbeligting het ook uitgebrei na West Rand Consolidated en die Lancaster Cottages. Die afstand vanaf die kragstasie na Burgershoop en Wes-Krugersdorp was te groot om in die behoeftes van hierdie gebiede te voorsien. Daar is toe oorgegaan na die laai van batterye bedags, om in die aand in die vraag na elektrisiteit te voorsien.[56]

Sedert 1914 het die elektrisiteitsvoorsiening 'n stadige, maar konstante groei getoon. Die aandag van die munisipaliteit het in die jare tot 1922 op uitbreiding en verbetering van die stelsel, asook in die voorsiening van

---

52 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1910*, pp.28-29.

53 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E4, *Electricity department*, sd.

54 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1911*, p.29.

55 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1912*, p.29.

56 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1911*, p.28.

straatbeligting gefokus. Die getal privaatverbruikers het min gebly, omdat die elektriese stroom wat in hierdie stadium opgewek is, baie wisselend van aard was. Die gemeenskap het nog nie volkome in elektrisiteit as kragbron vir huishoudelike gebruik vertroue gehad nie.[57] Elektrisiteitsverbruik vir huishoudelike doeleindes het laag gebly ondanks die feit dat die oorhoofse bedrading vervang is om 'n sterker kragtoevoer te verseker.[58]

Wetgewing is in 1910 gepromulgeer om elektrisiteitsvoorsiening te kontroleer. Ingevolge hierdie wetgewing moes maatskappye wat elektrisiteit voorsien, geregistreer word. Die Victoria Falls and Transvaal Power Supply Company Limited en die Rand Mines Power Supply Company Limited het in die Krugersdorp-omgewing krag aan die myne voorsien. Toe dit lyk asof hierdie maatskappye ook elektrisiteit binne die munisipale gebied wil voorsien, het die Stadsraad besluit "...to lodge an objection, and to take the necessary steps to support such objection to the issue of licenses to the Victoria Falls and Transvaal Power Company Limited under the Power Act of 1910, unless it is made clear in such licenses that these companies shall not supply power within the municipal area of Krugersdorp ...".[59] Maar in 1922 was die Stadsraad verplig om die plaaslike kragstasie te verkoop, omdat die masjienerie verouderd was en teen groot koste vervang moes word om in die elektrisiteitsbehoeftes van die dorp te voorsien. Die Stadsraad het daarna besluit om elektrisiteit in grootmaat van die Victoria Falls and Transvaal Power Company aan te koop.[60] Die kragopwekkers en elektriese toerusting is tussen 1922 en 1927 stuksgewys van die hand gesit.[61] Krugersdorp het met die totstandkoming van die Elektrisiteitsvoorsienings Kommissie (EVKOM) elektrisiteit in groot maat van die Kommissie aangekoop en deur middel van die munisipale kragnetwerk na verbruikers geretikuleer.[62]

---

57 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E4, G.J. Muller, *Elektrisiteit en vooruitgang*, p.7.

58 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1913*, pp.25 en 77.

59 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1910*, p.11.

60 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E4, *Electricity department*, sd. Kyk ook B. Burger, *Krugersdorp 1887-1947*, p.4.

61 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/159, korrespondensielêer H27, Opgawe *Verkoop van toerusting en masjienerie*, 24 Febr. 1927.

62 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E4, *Electricity department*, sd.

### 5.2.2 GROEIENDE BEHOEFTES BRING GROTER ELEKTRISITEITS-VERBRUIK

Die verbruik van elektriese krag het van 70000 eenhede in 1908 toegeneem tot 2000000 eenhede in 1933.[63] Die toename in elektrisiteitsverbruik was sinoniem met die vooruitgang van die dorp. "...Die Stadsraad se nuwe stelsel is geen halfslagtige poging in hierdie rigting nie, en wanneer dit eers in alle opsigte voltooi is, sal ons inwoners met die volste reg daarop trots kan wees ..." skryf G.J. Muller in 1934 in 'n brosjure.[64]

Elektrisiteitsverbruik vir huishoudelike doeleindes was in hierdie jaar steeds baie laag. In 'n poging om elektrisiteit en die gebruik van elektriese apparaat in die huis aan die inwoners bekend te stel, het die Stadsraad 'n "Elektrisiteitsweek" vanaf 5 to 9 Desember 1934 in die stadsaal aangebied. Die uitstalling van elektriese huishoudelike gebruikstoestelle het gepaard gegaan met die aanbieding van 'n reeks drama-, opera- en musiekuitvoerings deur die Krugersdorpse Munisipale Vereniging vir Drama en Opera.[65]

Baie inwoners het vir jare lank elektriese lig gebruik, maar die elektriese stroom van die "ou oorwerkte skema" het krag van 'n baie wisselende aard voorsien. Die gebruik van elektriese toestelle in die huis was daarom nie so suksesvol nie. Die "...tentoonstelling is dan ook aanvanklik georganiseer met die doel om die publiek 'n idee te gee van die verskillende maniere waarop elektrisiteit in die moderne woning tot nut aangewend kan word, en om die jongste ontwikkeling op die gebied van elektriese huisraad onder hulle aandag te bring."[66] Die elektriese apparaat wat uitgestal is, het radiostelle, grammofone, stowe, yskaste, stofsuiers, strykysters, ketels en kookplate ingesluit. Altesaam sestien handelaars het hulle produkte uitgestal.

---

63 Die elektrisiteitsverbruik in Krugersdorp in 1979 was 129 607 985 eenhede.

64 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E4, G.J. Muller, *Elektrisiteit en vooruitgang*, p.5. Kyk ook *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 13 Maart 1970*, Bylaag A. Die burgemeestersverslae maak sedert die dertigerjare deurgaans melding van die toename in die vraag na elektrisiteit vir huishoudelike gebruik en vir nywerheidsdoeleindes.

65 Kyk hoofstuk sewe vir meer besonderhede oor die Krugersdorpse Munisipale Vereniging vir Drama en Opera. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers* (ongep. outobiografie), p.30.

66 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E4, G.J. Muller, *Elektrisiteit en vooruitgang*, p.7.

Die tentoonstelling het baie maniere waarop elektrisiteit in die huis benut kon word, bekendgestel. Die Stadsraad het gehoop om deur middel van die uitstalling die elektrisiteitsverbruik te verhoog, wat tot 'n verlaging in die tariewe aanleiding sou gee. Met die slagspeuk "elektricity reduces work, increases leisure, makes work go away, is much more hygienic and economic" het die uitstallers gehoop om 'n deurbraak te maak.[67]

Die veldtog was inderdaad só suksesvol dat die Stadsraad in 1952 die publiek moes vra om elektrisiteit te bespaar, omdat die EVKOM beperkinge op kragvoorsiening aan munisipaliteite ingestel het as gevolg van die dinamiese nywerheidsontwikkeling aan die Rand en toename in elektrisiteitsverbruik. In 'n omsendbrief het die Stadsraad verbruikers versoek om elektrisiteit te bespaar:

- "Do not use all electrical appliances at one time.
- Do not use more hot plates on the stove than absolutely necessary.
- Do not use the oven at the same time as the hot plates.
- Switch off electric hot water geysers whilst cooking on the electric stove.
- Do your baking between 4 pm. and 6 pm. or after 8 pm.
- Switch electric heaters on after 8 pm. only.
- Consumers are earnestly requested to iron on the following days:
    - Tuesdays: Wentworth Park, District Dorp and Dan Pienaarville.
    - Wednesdays: Monument Township, Kenmare, Lewisham, Monument Extention I and Silverfields.
    - Thursdays: Krugersdorp Eastern Extension, Lancaster East, Luipaardsvlei no.8 and Olivanna.
    - Fridays: Agavia, West Krugersdorp, Burgershoop and Oatlands plots."[68]

Dit was nie so seer 'n geval van minder krag wat gebruik moes word nie, maar eerder die verspreiding van kraggebruik. Die algemene tekort aan

---

67 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E4, *Electricity department*, sd.

68 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E4, *Munisipale omsendbrief*, Maart 1952.

steenkool het die implementering van die besparingsmaatreëls baie gekortwiek.

Die fenomenale nywerheidsgroei wat Krugersdorp sedert die vyftiger jare ondervind het, het die Elektrisiteitsdepartement van die munisipaliteit onder groot druk geplaas. Ondergrondse kabels moes gelê word, transformators moes opgegradeer en vervang word en die elektriese bedrading is gereeld herstel. Vir hierdie doel het die elektrisiteitsdepartement elektrisiëns vir die eerste keer as installasie-inspekteurs aangewend. Vir die eerste keer het aanvraag en aanbod van elektrisiteitsdienste mekaar begin uitbalanseer.[69] Die burgemeester berig in sy jaarverslag in 1973 dat Krugersdorp teen 'n gemiddelde groeitempo van 9% per jaar sy elektrisiteitsverbruik elke agt jaar verdubbel het.[70] In die lig hiervan is dit verstaanbaar dat die verspreiding van elektrisiteit in hierdie stadium 23% van die totale uitgawes van die Stadsraad uitgemaak het.[71]

Die ontwikkeling van die 33 Kw.-skema te Condale in 1960 het in daaropvolgende jare in die elektrisiteitsbehoeftes van Krugersdorp voorsien. Chamdor is in 1965 aan die netwerk gekoppel.[72] Die ontwikkeling van residensiële gebiede het gepaard gegaan met voorsiening van elektrisiteitsdienste. Elektrisiteit is ook aan die landelike gebiede voorsien, sowel as aan die lokasies.[73] Elektrisiteit is sedert 1969 aan Azaadville voorsien.[74] Die elektrisiteitsverbruik van die Indiërgemeenskap het vinnig toegeneem namate die dorpsgebied ontwikkel het. Die toename in elektrisiteitsverbruik in 1979 is 15.18% meer as die verbruik in die vorige jaar.[75] Die groei in elektrisiteitsverbruik in Azaadville vir 1984 is 25.97%

---

69 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E4, *Electricity department*, sd. Kyk ook Burgemeestersverslag 1958-1986.

70 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1972-1973*, p.13.

71 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 16 Maart 1971*, p.14.

72 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *West Rand Times*, 19 Mrt. 1964. Kyk ook *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 8 Maart 1965*, p.18.

73 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E4, *Electricity department*, sd. Kyk ook TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, Brief Elektrotegniese ingenieur-Stadsklerk, 27 Aug. 1946; Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 13 Mrt. 1970*, Bylaag A.

74 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 13 Maart 1969*, p.21.

75 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1979-1980*, p.23.

teenoor die 8.46% groei wat in die res van Krugersdorp ondervind is.[76] 'n Nuwe substasie wat 42/6.6 Kw. elektrisiteit vrystel is in 1981 teen 'n koste van R80000-00 naby Azaadville opgerig.[77]

Krugersdorp is een van die min Randse dorpe wat gedurende die vroeë jare van sy ontwikkeling sy eie kragstasie en elektrisiteitsverspreidingsnetwerk gehad het. Die elektrisiteit is deur middel van oorhoofse hoogspanningsdrade deur die dorp na verbruikers geretikuleer. Ten spyte van gereelde inspeksies, instandhouding en vervanging van kabels en transformators, is die Stadsraad sedert 1959 verplig om groot bedrae geld aan die vervanging van die ou netwerk te spandeer. Die oorhoofse kabels is geleidelik met ondergrondse kabels[78] en ondergrondse transformators vervang.[79] Die vernuwing van die kragnetwerk het ook neerslag gevind in die straatbeligting. Al die gloeidraadligte is oor 'n tydperk van sewe jaar vervang met kwikdampligte,[80] terwyl die hoof- en deurweë deur middel van gekleurde natrium- en kwikdampligte verlig is.[81] Die opgradering van die elektrisiteitsnetwerk het vervanging van elektrisiteitsmeters[82] en die installering van 'n lasbeheerstelsel ingesluit. Die lasbeheerstelsel skakel huishoudelike waterverwarmers gedurende spitstye outomaties af ten einde kragvoorsiening na besighede en nywerhede te reguleer sonder 'n onnodige verhoging in die elektrisiteitsverbruik. Die lasbeheerstelsel werk elektrisiteitsbesparing in die hand, sowel as 'n monitêre besparing vir die Stadsraad, wat na die verbruiker deurgegee word.[83]

Die vermeerdering van die aantal eenhede elektrisiteit wat Krugersdorp jaarliks verbruik, weerspieël die vertroue van die publiek in elektrisiteit as 'n goedkoop bron van energie. Elektrisiteit het oor dekades 'n integrale deel van

---

76 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1984-1985*, p.17.

77 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1981-1982*, p.49.

78 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die jaar geeïndig 31 Oktober 1959*, par.16.

79 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 8 Maart 1968*, p.18.

80 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1981-1982*, p.49.

81 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die jaar geeïndig 31 Oktober 1959*, par.16.

82 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 10 Maart 1966*, p.25.

83 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1983-1984*, p.17.

elke huishouding geword. Verbruikers aanvaar elektrisiteit vandag as 'n vanselfsprekende en onuitputlike bron van goedkoop luuksheid, waarvan die waarde nie altyd besef word nie. Die aanhoudende en aansienlike verhogings van EVKOM-tariewe die afgelope aantal jare noop die verbruiker om daarvan kennis te neem en te besef dat "goedkoop" elektrisiteit vir goed iets van die verlede is. Die dag het ook aangebreek dat verbruikers opgevoed word om elektrisiteit, veral vir huishoudelike doeleindes, meer oordeelkundig te gebruik sodat die las meer eweredig oor vier-en-twintig uur van die dag versprei word. Die onderstaande tabel weerspieël die elektrisiteitsverbruik van Krugersdorp vir die periode 1978 tot 1982[84].

| KRUGERSDORP ELEKTRISITEITSVERBRUIK | | |
|---|---|---|
| **Jaar** | **Kilowatt eenhede per jaar** | **Maksimum kilowatt aanvraag per dag** |
| 1978 | 284 568 215 | 66 560 |
| 1979 | 300 874 658 | 67 954 |
| 1980 | 316 176 940 | 73 891 |
| 1981 | 370 831 023 | 83 644 |
| 1982 | 380 603 545 | 85 371 |

**Figuur 28**

Krugersdorp het in 1985 'n rekord elektrisiteitsverbruik van 432676407 eenhede gehad. Die maksimum aanvraag per dag in hierdie jaar is 100103Kw.[85] Die lasbeheerstelsel, waarna reeds verwys is, is na aanleiding van hierdie hoë kragverbruik geïnstalleer. Die aanvraag vir elektrisiteit in Februarie 1993 was 32881014 Kw.[86]

Kagiso word vandag direk deur EVKOM van elektrisiteit voorsien. Die res van Krugersdorp, insluitende Azaadville en Munsieville, ontvang elektrisiteit via die munisipale netwerk. Die Stadsraad koop vir hierdie doel elektrisiteit in groot maat aan by EVKOM. Die elektrisiteitsnetwerk van die munisipaliteit is met betrekking tot grootmaat-infrastruktuur, toegerus om die totale munisipale gebied van Krugersdorp te bedien. Na raming was 38%

84 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslae*, 1978-1982.
85 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1985-1986*, p.22.
86 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Jaarverslag 1992-1993*, p.13.

huishoudings in 1993, hoofsaaklik in die informele nedersettings, nie van elektrisiteit voorsien nie.[87]

## 5.3. REINIGINGSDIENSTE

### 5.3.1 VULLISVERWYDERING EN STORTINGSTERREINE

Voorskrifte met betrekking tot die "veilige" hantering van vullis en afval ten einde die gesondheidsrisiko verbonde aan die hantering daarvan so laag moontlik te hou, kom reeds in die vroegste gesondheidsregulasies van die dorp voor. Die verwydering van die vullis en afval uit die munisipale gebied na 'n sentrale punt waar dit op 'n wetenskaplike wyse afgebreek, begrawe of vernietig word, is die verantwoordelikheid van die munisipaliteit. Reinigingsdienste is arbeidsintensief, ten spyte van die ontwikkeling van moderne tegnologie en die meganisering van sekere prosesse. Reinigingsdienste word gelewer ten opsigte van die skoonmaak van strate en woonareas, vullisverwydering en die verwydering van rioolafval.[88]

Die wyse waarop die strate van Krugersdorp skoongemaak word, het nie veel met die verloop van jare verander nie (foto no.30). Daar word vandag nog van straatveërs gebruik gemaak, veral in die Sentrale Besigheidsdistrik. Die afval wat hulle bymekaar vee, word daagliks verwyder. Die vee van die strate het dieselfde gebly, alhoewel die toerusting waarmee gewerk word, gemoderniseer is.[89]

Die Sanitasie- en Gesondheidsinspekteur berig in sy jaarverslag dat reinigingsdienste in 1906 vir die eerste keer in die hele Krugersdorp en myngebied gelewer word. Die onderstaande tabel is 'n opsomming van die werk wat die Sanitasie Departement in September 1906 verrig het.[90]

---

87 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council*, Jan. 1996, p.39.

88 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, *Gesondheidsdienste*, sd.

89 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the year ending 31 October 1906*, p.37.

90 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the year ending 31 October 1906*, pp.37,38; *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, een gallon is gelyk aan 4.54609 liker, tabel 23.

| KRUGERSDORP SANITASIEDEPARTEMENT<br>VERSLAG VAN WERKSAAMHEDE VIR SEPTEMBER 1906 | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Verwydering van nagvuil** | | **Verwydering van huishoudelike afval** | | **Verwydering van huishoudelike afvalwater** | | **Verwydering van straatvullis** | |
| **Beskrywing** | **Aantal** | **Beskrywing** | **Aantal** | **Beskrywing** | **Aantal** | **Beskrywing** | **Aantal** |
| Nagkarre en waens | 21 | Vulliswaens en skotskarre | 9 | Tenkwaens | 10 | Skotskarre vir dieremis | 1 |
| Trekdiere | 40 | Trekdiere | 25 | Trekdiere | 20 | Trekdiere | 1 |
| Swartpersoneel | 41 | Swartpersoneel | 28 | Swartpersoneel | 12 | Swartpersoneel | 1 |
| Emmers gebruik | 3 409 | Wavragte verwyder | 454 | Watervragte verwyder | 1 051 | Vragte gelaai | 163 |
| Werklike aantal emmers verwyder | 68 595 | Skotskarvragte verwyder | 497 | Gallon water verwyder | 199 690 (907808.71 liter) | Ton dieremis gelaai | 2 |
| Vragte gery | 996 | Ton vullis verwyder | 557 | | | Skotskar vir straatvullis | 2 |
| Gallon rioolafval | 189 240 (860302.07 liter) | | | | | Trekdiere | 2 |
| | | | | | | Swartpersoneel | 12 |
| | | | | | | Vragte gelaai | 215 |
| | | | | | | Ton straatvullis | 64 |

**Figuur 29**

Die Stadsraad het in 1915 agt-en-twintig van sy muile as gevolg van perdesiekte verloor. Dit is die grootste enkele verlies aan trekdiere wat die munisipaliteit sedert sy ontstaan in 1903 gely het. Die Stadsraad het gevolglik besluit om die muile met osse te vervang en vyftig osse aangekoop. Die osse is hoofsaaklik vir die verwydering van nagvuil gebruik.[91]

Vullisverwydering het nie drasties verander teenoor die metode wat aan die begin van die eeu toegepas is nie. Die gesondheidsregulasies vereis dat die bewoner van 'n perseel die vullis op 'n sentrale punt in 'n drom met 'n digpassende deksel op die perseel moet hou, waarvandaan dit op 'n gereelde basis deur die munisipaliteit verwyder word. Aanvanklik was die vullis een keer per maand verwyder, waar dit huidiglik een keer per week geskied. Die bewoner van 'n perseel is verantwoordelik vir die higiëniese opgaar van die vullis op sy eiendom. Vullisdromme moet volgens die vereistes van die gesondheidsregulasies dig en deeglik sluit. Vandag word bykomend vereis dat die vullis in 'n sterk plastiese sak waarin dit verwyder kan word, geplaas moet word.[92]

---

91 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the year ending 20 November 1915*, p.18.

92 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, *Gesondheidsdienste*, sd. Kyk ook Museum, Krugersdorp, foto 1248.

Die vullis word deur arbeiders versamel en op 'n "vulliskar", wat 'n bepaalde roete deur die dorp volg, gestort (foto no.31). Die vullis word daarna na die munisipale stortingsterrein geneem om verder verwerk te word. Vragmotors met meganiese kompakteerders word sedert die vyftigerjare gebruik in die reinigingsafdeling. Die wetenskap en tegnologie met betrekking tot die bestuur van stortingsterreine het dramaties verander teenoor dit wat vereis was aan die begin van hierdie eeu. Die vullis word op die terrein gekompakteer en biochemies afgebreek met die oog op die herwinning van die oppervlaktegebruik van die stortingsterrein nadat storting 'n versadigingspunt bereik het.[93] 'n Nuwe stortingsterrein is in 1978 naby Kagiso ontwikkel. Die stelselmatige ontwikkeling van 'n ou myn slikdam as stortingsterrein het vir 'n periode van twintig jaar in die behoeftes van die munisipaliteit voorsien.[94] Die stortingsterrein het in 1996 versadigingspunt bereik en die Plaaslike Oorgangsraad gee huidiglik aandag aan die identifisering van 'n alternatiewe stortingsterrein.[95]

Huishoudelike afval is in 1933 gebruik om die ou steenmakersgronde in Burgershoop en Monument op te vul. Die oppervlakte is met 'n laag bogrond bedek voordat die gebied vir residensiële doeleindes ontwikkel is.[96]

Die "onwettige" storting van vullis is nie net onooglik nie, maar dit skep ook onhigiëniese toestande. Onwettige storting van vullis is veral opmerklik in Swartwoongebiede waar gebrekkige dienstevoorsiening groot druk op die munisipale reinigingsdienste plaas. Die probleem van onwettige storting is in die sewentiger- en tagtigerjare as gevolg van die politieke onrus en boikot (nie-betaling) van dienstegelde vererger. Die reinigingsafdelings van die Swart-munisipaliteite (Kagiso en Munsieville) het in hierdie tyd tot 'n stilstand gekom. Die Krugersdorp munisipale reinigingsafdeling kon in hierdie periode slegs sporadies vullis uit die Swartwoongebiede verwyder. Die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad moes sedert 1993 verkeie

93 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, *Gesondheidsdienste*, sd. Kyk ook Museum, Krugersdorp, foto 1243.

94 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1978-1979*, p.17.

95 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, *Report New dumping site*, 1996.

96 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/211, korrespondensielêer A45, Uittreksel uit notule *Algemene komitee*, 30 Jun. 1933.

opruimingsaksies loods om van die opgehoopte vullis ontslae te raak. Die voorsiening van 240 liter vullishouers aan elke huishouding in Kagiso en Munsieville en die instel van 'n gereelde reinigingsdiens is in die vooruitsig gestel.[97]

## 5.3.2 RIOOLSTELSELS EN RIOOLUITVALWERKE

'n Emmerstelsel is aanvanklik vir die verwydering van rioolafval en "nagvuil" gebruik. Dit het beteken dat elke perseel binne die munisipale gebied toegerus moes wees met een of meer gemakshuisies. Personeel van die sanitasieafdeling het een keer per week snags die emmers met rioolafval, vervang met leë, skoon emmers. W.B. Griffin verwys in sy outobiografie na die span arbeiders wat die emmers met nagvuil moes verwyder, as "Munsie's heavy artillery".[98] Die emmers is op 'n wa of "nagkar" gelaai (foto no.32) en na die sanitasiewerf geneem, waar dit in suiweringsdamme gestort is. Vir die verwydering van die afval was "sanitasie-bane" tussen erwe aangebring sodat die sanitasiepersoneel nie onnodig private eiendom betree het nie. Huishoudelike rioolwater is in emmers by die gemakshuisies geplaas vir verwydering deur die sanitasiepersoneel. Die nagemmers is by die sanitasiewerf gereinig en ontsmet voordat dit weer gebruik kon word. Die Sanitasie- en Gesondheidsinspekteur het gereeld verslag aan die Munisipale Raad gedoen insake die prosedure en higiëne van die emmers, personeel en sanitasiewerf.[99]

Die gegalvaniseerde emmers is in 1906 met emmers van staal vervang omdat laasgenoemde duursamer is en dit die moontlikheid van lekkasies verminder het.[100] Desnieteenstaande moes die sanitasie-emmers op 'n gereelde grondslag vervang word. In 1916 was dit as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog onmoontlik om staalemmers te bekom. Die Stadsraad kon in hierdie jaar slegs 200 emmers, wat hulle teen nege sjielings en ses pennies elk

---

97 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council*, Jan. 1996, p.39.

98 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K37, *W.B. Griffin* (ongep. outobiografie), p.3.

99 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the year ending 24 October 1905*, p.34.

100 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the year ending 31 October 1906*, p.37.

aangekoop het van die firma Wm. Hosken and Co., bekom. Die gevolg is dat 'n groot aantal emmers van nuwe bome voorsien moes word.[101]

Die toestande van die gemakshuisies, veral die in die woongebiede vir Swartmense, Bruinmense en Indiërs, is by herhaling as "short of horrifying" beskryf. Die aantal gemakshuisies per standplaas, waar meer as een gesin gewoon het, was onvoldoende in die woongebiede vir Swartmense, Bruinmense en Indiërs. Dit het die gesondheidsrisiko van die emmerstelsel aansienlik verhoog.[102]

Die Sanitasie- en Gesondheidsinspekteur het reeds in 1913 by die Stadsraad aanbeveel dat die emmerstelsel met 'n suigtenkdiens vervang moes word. Implementering van die aanbeveling was egter nie moontlik nie omdat die aantal potensiële verbruikers die diens nie ekonomies geregverdig het nie.[103] Die eerste suigtenkstelsel is eers in 1925 ontwikkel. Die publiek is aangemoedig om na die nuwe stelsel oor te skakel.[104] Die riool is gestort by die riooluitvalwerke naby Millsite aan die suid-westelike kant van Krugersdorp. Hierdie uitvalwerke het teen 1946 teen sy volle kapasiteit gewerk.[105]

Dr. Percy Stewart, geneesheer en raadslid, het sedert 1925 die installering van 'n spoelrioolstelsel gepropageer, maar dit was nie voor 1937 dat die stelsel geïmplementeer kon word nie. Die Percy Stewart Riooluitvalwerke (foto no.33) aan die westekant van Krugersdorp, naby Munsieville, is na hom vernoem.[106] Die ligging van Krugersdorp het die implementering van 'n rioolstelsel bemoeilik as gevolg van die topografie op 'n natuurlike waterskeiding en die verskillende natuurlike hellings van woongebiede. Die

101 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the year ending 25 October 1916*, p.18.

102 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M22, *Munsieville*, sd.

103 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1913*, p.101.

104 SAB, Pretoria, GES, band 742, verw. 311/13, Korrespondensie insake sanitasie, Krugersdorp, 1925. Kyk ook B. Burger, *Krugersdorp 1877-1947*, p.16.

105 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/4/1/24, *Minutes of Works and Town Planning Committee*, 10 Jan. 1946, pp.135-138.

106 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*, p.19.

gevolg is dat die riool in sekere dele van Krugersdorp na die rioolwerke gepomp word, terwyl ander dele die natuurlike gravitasie volg.[107]

Oorweging is in 1946 gegee aan die uitbreiding van die rioolplaas. Die ontwikkeling van 'n nuwe rioolplaas oos van die dorp is aanbeveel omdat die kalkformasie van die bestaande area kon lei tot die besoedeling van varswaterbronne.[108]

Die besproeiing van aangeplante weiding, lusern en mielies was aanvanklik daarop gemik om in die behoeftes van die munisipaliteit te voorsien. Die munisipaliteit het tot vroeg in die sestigerjare nog gebruik gemaak van muile as trekdiere van waens in die reinigingsafdeling. As 'n newe bedryf van die riooluitvalwerke het die Stadsraad ook met beeste geboer. Die beeskudde van die Raad het onder die toesig van 'n veearts gestaan. Die beeskudde het in 1959 met 56 beeste aangeteel. Hiervan is 17 in die munisipale slagpale geslag en 70% daarvan het prima en super gehalte vleis gelewer.[109] Die Stadsraad het in 1963 besluit om kruisteling toe te pas en 'n Hereford-bul vir die kudde aangekoop.[110] Geen melding word verder van die veekudde gemaak nie. Die 1965-burgemeestersverslag meld dat die aangeplante weiding op die rioolplaas aan vee-eienaars verhuur is, wat 'n inkomste van R6 000-00 vir die Stadsraad beteken het, en dat ongeveer 25% van die gesuiwerde rioolwater vir die besproeiing van weiding in die Krugersdorp Wildtuin gebruik is.[111]

Die Flip Human Riooluitvalwerke[112] is aan die suid-oostelike kant van Krugersdorp, naby Kagiso, in die tagtigerjare ontwikkel. Die Flip Human Riooluitvalwerke (foto no.34) is sedert 1991 as streekrioolsuiweringswerke bedryf in samewerking met die stadsrade van Roodepoort, Kagiso, Azaadville en die Wes-Randse Streekdiensteraad.[113] Uitbreidings aan die rioolwerke in

---

107 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer S8, *Sewerage scheme*, sd.

108 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/4/1/24, *Minutes of Works and Town Planning Committee*, 10 Jan. 1946, p.112.

109 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die jaar geëindig 31 Oktober 1959*, p.28.

110 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, *Jaarverslag: Stadsingenieur*, 1963.

111 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 8 Maart 1965*, pp.12,13.

112 Die riooluitvalwerke is vernoem na Raadslid Flip Human in erkenning vir sy aandeel in die ontwikkeling en uitbreiding van die rioolwerke.

113 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, *Gesondheidsdienste*, sd.

1992-93 om in die groter invloei te voorsien, het R42 miljoen gekos. Die opgradering van die Flip Human rioolsuiweringswerke verseker dat die gesuiwerde rioolwater te alle tye aan die hoogste standaarde voldoen.[114]

Die metaangas wat tydens die sedimentasieproses vrygestel word, is in die chemiese laboratorium by die riooluitvalwerke vir eksperimente gebruik. Die Chemikus in beheer van die Flip Human Riooluitvalwerke het onlangs daarin geslaag om die metaangas te verfyn sodat dit eksperimenteel aangewend word vir die aandrywing van raadsvoertuie. Die gas word onder druk in silinders geplaas en vrygelaat in die meganiese stelsel van die voertuig, wat vir hierdie doel aangepas is.[115]

In 1969 was alle Blanke woonhuise en besighede in Krugersdorp toegerus met 'n spoeltoiletstelsel, of gediens deur middel van 'n suigtenkdiens. Enkele wonings wat nie direk aan die rioolstelsel gekoppel was nie as gevolg van die afstand vanaf die dorp, of wat op myngrond geleë was, is nog deur middel van die emmerstelsel gediens. In totaal was dit 125 wooneenhede, terwyl 475 deur middel van die suigtenkdiens gediens is en 8834 wooneenhede aan die rioolstelsel gekoppel was. Die Swart- en Bruinlokasies, 4788 wooneenhede, het nog die emmerstelsel gehad. Uitbreiding van die rioolstelsel na Chamdor sou ook voorsiening maak vir die insluiting van Kagiso.[116]

Die situasie in 1993 was dat 99.64% van die gesinne in Krugersdorp toegang tot spoeltoilette gehad het. Die 0.36% wat nie toegang tot spoeltoilette het nie, het in die Pangoville-plakkerskamp en Muldersdrift gewoon.[117]

## 5.4 GESONDHEIDSDIENSTE

Met die ontstaan van die Krugersdorp Munisipaliteit in 1903, was die algemene sosio-ekonomiese omstandighede van die gemeenskap swak. Die mediese beampte van die Munisipale Raad, dr. W. Gem, het sy kommer oor die hoë kindersterftes, wat algemeen as 'n aanduiding van die sosio-

---

114 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1992-1993*, p.11.

115 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, *Biochemiese proses*, 1996.

116 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, *Gesondheidsdienste*, sd.

117 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council*, Jan. 1996, p.38.

ekonomiese stand van 'n gemeenskap gebruik word, uitgespreek. Die Mediese Beampte het veral sy kommer uitgespreek oor die swak voeding en gebrekkige, onhigiëniese omstandighede waaronder voedsel voorberei is. Die onderstaande tabel weerspiëel die kindersterftes vir die tydperk 1905 tot 1908.

| KINDERSTERFTES IN KRUGERSDORP[118] | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Jaar** | **Onder Swartmense** | | **Onder Blankes in Krugersdorp** | | **Onder Blankes op delwerye** | |
| | **Onder 1 jaar** | **Onder 5 jaar** | **Onder 1 jaar** | **Onder 5 jaar** | **Onder 1 jaar** | **Onder 5 jaar** |
| 1905 | 88.7% | 9.5% | 66.6% | 11.8% | * | * |
| 1906 | 25.0% | 9.09% | 40.19% | 6.12% | 31.25% | 6.25% |
| 1907 | 36.53% | 6.61% | 33.33% | 13.72% | 24.13% | 8.62% |
| 1908 | 44.68% | 17.02% | 59.72% | 4.25% | 20.0% | 6.66% |

*Die sterftes in die "distrik" was so hoog dat die Mediese beampte nie rekenskap daarvoor kon gee nie.

**Figuur 30**

Heelwat sterfgevalle is nie aangemeld nie. Die Mediese Beampte het die hoë mortaliteit toegeskryf aan die voorkoms van longontsteking, maagkoors, gastroënteritis en skarlakenkoors.[119]

Teen 1913 rapporteer die Mediese Beampte 'n groot verbetering in voedselvoorrade en voedselvoorbereiding as gevolg van die volgehoue gereelde inspeksies van die gesondheidsinspekteurs. Die aantal bederfbare voedsel wat deur die gesondheidsinspekteurs aangemeld en vernietig is, het ook afgeneem. Die Mediese Beampte maak ook melding van die pligsgetrouheid waarmee die gesondheidsinspekteurs hulle werk gedoen het. Inspeksies is gereeld uitgevoer op fabrieke, skole, die slagpale, melkerye en besighede, veral besighede wat voedsel berei en verkoop het. Monsters van water en melk is gereeld geneem en vir bakteriologiese toetse weggestuur. Bederfde voedsel is gekonfiskeer en vernietig.[120] Die rol van die gesondheidsinspekteurs in die gesondheidsorg van die gemeenskap kan nie onderskat word nie. Gereelde inspeksies verseker die algemene higiëniese woon- en lewensomstandighede van die gemeenskap.

118 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minutes*, 1905-1908. Kindersterftes word algemeen gebruik as 'n aanduiding van die sosio-ekonomiese stand van 'n gemeenskap.

119 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 24 October 1905*, p.30.

120 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1914*, p.80.

Die onderstaande tabel van kindersterftes in die twintigerjare wys dat die algemene lewensomstandighede van die gemeenskap oor 'n tydperk van twintig jaar verbeter het, alhoewel die toestand in die lokasie nog haglik was in verhouding met dié van die meerderheid Blankes. Desnieteenstaande is die kindersterftes onder Blanke kinders hoër as onder die Swartmense. Geen verklaring word hiervoor gegee nie. Die hoër voorkoms van kindersterftes onder Blankes moontlik aan die armblanke-vraagstuk gekoppel word.

| KINDERSTERFTES IN KRUGERSDORP | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Jaar** | **Swartmense** | | **Blankes** | |
| | **Onder 1 jaar** | **Onder 5 jaar** | **Onder 1 jaar** | **Onder 5 jaar** |
| 1925 | 13.4% | 8.2% | 18.1% | 3.2% |
| 1926 | 14.7% | 8.6% | 15.1% | 5.2% |
| 1927 | 14% | 7.3% | 14.9% | 5.7% |
| 1928 | 14.8% | 9.5% | 15.5% | 10.2% |

**Figuur 31**

Die beraamde inwonertal vir Krugersdorp in hierdie periode is 14502 Blankes en 28981 Nie-Blankes. Longontsteking, maagkoors en gastroënteritis was steeds die siektes wat die hoogste mortaliteit veroorsaak het. In 1928 kon 106 van die sterfgevalle onder Swartkinders aan longontsteking toegeskryf word teenoor die 34 sterfgevalle aan maagkoors.[121]

### 5.4.1 VOORKOMING VAN AANSTEEKLIKE SIEKTES

Die gesondheidsdienste van die munisipaliteit is gerig op die voorkoming van aansteeklike siektes en die epidemiese uitbreek daarvan. Die dienste van die Mediese en Gesondheidsbeampte, 'n gekwalifiseerde geneesheer, het vanaf 'n eenman diens uitgebrei tot die instelling van munisipale klinieke met voltydse gekwalifiseerde verpleegkundiges. Munisipale gesondheidsdienste is gerig op primêre gesondheidsorg, wat insluit:[122]

- die beskikbaarstelling van inligting en riglyne vir die hantering van algemene gesondheidsorg;
- om gesonde eetgewoontes en higiëniese voedselvoorbereiding te bevorder;

121 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/20, *Vital statistics*, 1925-1928.

122 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban structure plan for the Greater Krugersdorp*, Vol.1, Jul. 1996, pp.106-107.

- om die higiëniese voorsiening van drinkwater en algemene sanitasie te verseker;
- die lewering van gesinsbeplanningsdienste en algemene gesondheidsorg aan babas en moeders;
- inenting teen aansteeklike siektes;
- voorkoming en beheer oor die epidemiese uitbreek van aansteeklike siektes;
- voorsiening van noodsaaklike medikasie.

Basiese gesondheidsorg sluit immunisering teen aansteeklike siektes in. Reeds in 1903 meld die Mediese beampte dat hy die gemeenskap teen die moontlike uitbreek van pokke geïmmuniseer het, nadat 'n geval van pokke in Krugersdorp voorgekom het.[123] Die uitbreek van pokke in Johannesburg in 1912 het weer tot 'n immuniseringsveldtog aanleiding gegee.[124]

Na die uitbreek van builepes in Johannesburg in 1903 het die Mediese Beampte, dr. W. Gem, van huis tot huis inspeksie gedoen, rommel laat verwyder en huise in die Indiërwoonbuurt laat ontsmet, "...consequently the said location is now in as satisfactory and sanitary condition as is possible under the existing conditions."[125] Die Indiërs is gesien as "... a class of people who are naturally filthy". Die publiek is gerusgestel dat daar geen rede tot kommer was nie, alhoewel huishoudings tog vermaan is om voorkomende stappe te neem. Die stappe het ingesluit:

- die afwas en verf van alle mure, insluitende buitegeboue,
- die vernietiging en verbranding van knaagdiere sonder onnodige hantering van dooie diere,

---

123 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1904*, p.16.

124 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1913*, p.16.

125 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, *Gesondheidsdienste* sd. Daar is reeds verwys na die oorweging wat die Raad gegee het aan die afbrand van die lokasie as voorsorg teen die uitbreek van builepes in Krugersdorp.

- goeie kruisventilasie van vertrekke,
- goeie huishoudings en die gereelde "lug" van beddegoed en klere en
- om persoonlike higiëne te handhaaf.[126]

Diptheria (witseerkeel)[127] is 'n belangrike aanmeldbare siekte. In 1958 is daar met 14 Blanke en 17 Swartpasiënte met die siekte besmet. Immunisering teen die siekte is derhalwe aan 1100 persone toegedien.

*The Standard* en *West Rand Review* het reeds in 1949 berig dat poliomiëlitis epidemiese afmetings in Krugersdorp aangeneem het. 'n Spesiale komitee is in Krugersdorp in die lewe geroep om 'n intensiewe "teen-polio-kompanje' te organiseer, fondse vir entstof in te samel en alle leerlinge in te ent.[128] Inenting teen poliomiëlitis was weer die hooffunksie van die Gesondheidsdepartement vir die periode 1963 tot 1969.[129]

Tuberkulose is 'n ander primêre gesondheidsprobleem wat voortdurende monitering van die Gesondheidsdepartement vereis. Tuberkulose voorkomingsklinieke is in die lokasies geopen as gevolg van die hoë voorkoms van die siekte onder veral die Swart- en Bruinmense. Alle pasiënte wat die klinieke besoek het, is vir tuberkulose ondersoek en behandel. Die sukses van die behandeling word toegeskryf aan: "The high level of health services and low incidence of notifiable diseases that were maintained is in no small measure due to the solid foundation laid by the Health Department."[130]

---

126 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/3/1/1/, *Minutes of General Purpose Committee*, 4 Feb. 1907, p.388.

127 Diptheria is 'n akute ontsteking van die slymvliese in die mond, neus en keel wat 'n hewige swelling veroorsaak sodat die lugweë in baie gevalle geblokkeer word en die pasiënt versmoor as hulp nie verleen word nie. In leketaal word Diptheria ook Witseerkeel genoem. F.J. Meine, *The consolidated Webster encyclopedic dictionary. Medical dictionary*, p.275.

128 Biblioteek, Krugersdorp, The Standard en West Rand Review, 25 Feb. 1949, 11 Mar. 1949, 1 Apr. 1949, 15 Apr. 1949, 27 Mei 1949.

129 Poliomiëlitis is inflammasie van die grysselle of rugmurg. Polio is 'n hoogs aansteeklike siekte wat gepaard gaan met spierverlamming en misvorming van ledemate. F.J. Meine, *The consolidated Webster encyclopedic dictionary. Medical dictionary*, p.289. Epidemiese uitbreke van polio het in die laat vyftiger- en sestigerjare in Suid-Afrika voorgekom. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, *Gesondheidsdienste*, sd.

130 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, *Gesondheidsdienste*, sd.

Vlieë is een van die grootste draers van siektes. Die Stadsraad het in 1914 'n teen-vlieg veldtog geloods en Formaldhiëde-stroke (vlieëpapier) gratis aan die publiek voorsien. Hiervan was 4453936 stroke met vlieë by die Gesondhedsdepartement ingehandig vir vernietiging. Die veldtog is as baie beslaagd bestempel en die Stadsraad het besluit om die veldtog weer vir vyf maande in die volgende jaar te herhaal.[131]

Kliniekdienste is aan al die inwoners van Krugersdorp gelewer. Die Jan Maree-kliniek in Wes-Krugersdorp is in Julie 1953 geopen. Dit is die eerste gebou wat spesifiek vir kliniekdienste opgerig is. Voor hierdie datum is klinieke gehou in die gemeenskapsale van Wes-Krugersdorp en Lewisham en in die stadsaal. Die kliniek in Munsieville is in een van die huise en in die Bruinwoongebied in twee voorafvervaardigde rondawels gehuisves. 'n Mobiele kliniekdiens, wat veral die afgeleë dele van die munisipale gebied bedien, is in 1958 ingestel.[132]

Die algemene gesondheidstoestand van die inwoners van Krugersdorp word deur die burgemeester in 1976 as bevredigend beskryf, alhoewel daar 'n toename in die voorkoms van tuberkulose in die gemeenskap voorgekom het. Die toename skryf hy toe aan die vandalisering van die klinieke vir Swartinwoners tydens die 1976-onluste. Immunisering teen en die behandeling van tuberkulose pasiënte kon derhalwe nie die nodige aandag geniet nie.[133] Die klinieke in Munsieville en Kagiso is in die 1976-onluste vernietig. Die lewering van gesondheidsorg aan die gemeenskap uit uiters swak toegeruste en beperkte ruimtes is daarna voortgesit in die huise wat deur die eertydse lokasiesuperintendente bewoon is. Die burgemeester het hierdie toedrag van sake in sy jaarverslag betreur en daarop gewys dat die Departement Gesondheidsdienste hulle bes doen om gehalte diens aan hierdie gemeenskappe te lewer.[134] Die beheer van die klinieke in Munsieville en

---

131 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1914*, p.16.

132 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, *Gesondheidsdienste*, sd.

133 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1976-1977*, pp.15,16.

134 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1976-1977*, p.17.

Kagiso is in 1980 aan Swartverpleegpersoneel oorgedra.[135] 'n Nuwe kliniek is in Februarie 1981 in Azaadville in gebruik geneem.[136]

Persoonlike gesondheidsorg is in 1984 deur munisipale verpleegpersoneel by die Jack Smiedtsentrum (Sentrale Kliniek)[137] en dertien buite-klinieke gelewer. Die onderstaande tabel gee 'n weergawe van die diens wat hierdie klinieke in 1984 gelewer het.[138]

| **KLINIEKDIENSTE : 1984** | |
|---|---|
| **Diens** | **Bywoning** |
| Immunisering | 18 702 |
| Gesondheidsvoorligting | 7 287 |
| Behandeling van veneriese siektes | 6 801 |
| Gesinsbeplanning | 9 792 |
| Behandeling van tuberkulose | 94 |
| Mediese ondersoeke | 1 537 |
| Tuisbesoeke aan bejaardes | 5 314 |
| **Totaal** | **49 527** |

**Figuur 32**

Kagiso het vandag twee klinieke en Azaadville een. Die munisipale gesondheidsklinieke in Kagiso en Azaadville is onder groot druk as gevolg van die groot getalle inwoners van die informele nedersettings wat dit besoek. Primêre gesondheidsorg is in die nedersettings nodig om sommige van die sosio-kulturele probleme wat in die nedersettings ontstaan, aan te spreek.[139] Ongeveer 80% van die inwoners in die informele nedersettings is werkloos. Die gevolg hiervan is dat die algemene sosio-ekonomiese peil in die gemeenskap baie laag is. Die kinders is die grootste lydende party omdat baie van hulle aan wanvoeding en selfs 'n gebrek aan 'n gereëlde maaltyd en die verwante siektes blootgestel is. Gesinsbeplanning, immunisering en aandag

135 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1980-1981*, p.17.
136 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1981-1982*, p.56.
137 Jack Smiedt het as stadsgeneesheer hom beywer vir die ontwikkeling van kliniekdienste in Krugersdorp. Hy het in 1977 afgetree, maar is daarna vir 'n verdere twee jaar aangestel as stadsgeneesheer en Kliniese Mediese Beampte. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1977-1978*, p.19.
138 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1984-1985*, pp.21,22.
139 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Local-Council*, Jan. 1996, p.33.

aan die voorkoms van geringe ongesteldhede is die belangrikste primêre gesondheidsorg wat deur die munisipaliteit aan hierdie gemeenskappe gelewer word.[140]

Gesondheidsorg sluit die mediese versorging van pasiënte in. Die Krugersdorp-gemeenskap het reeds in 1895 op 'n openbare vergadering met die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek onderhandel vir die oprigting van 'n hospitaal. 'n Geskikte plek agter die spoorwegstasie is vir die hospitaal aangewys. Die hospitaal het nie gerealiseer en die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899) het die verdere ontwikkeling van hierdie hospitaal in die wiele gery.

Die Munispale Raad het in 1907 tien morge grond vir die oprigting van die Sterkfontein Hospitaal afgestaan. Die Sterkfontein Hospitaal vir geestelik versteurde pasiënte is 'n staatshospitaal wat ook vir die rehabilitasie van kriminele gebruik word.[141] Grond is in 1912 in die omgewing van die Paardekraal-monument, met 'n uitsig oor Kroningspark, vir die oprigting van die Krugersdorp Hospitaal, later bekend as die Paardekraal Hospitaal beskikbaar gestel.[142] Die Paardekraal Hospitaal is in 1996 vernoem na die Dr. Yusuf Dadoo Hospitaal.[143] 'n Saal vir Nie-Blanke pasiënte is in 1913 aangebou.[144] 'n Hospitaalraad, waarop vier Munisipale Raadslede gedien het, het in 1915 ingevolge die Hospitaal Ordonnansie, No. 5 van 1915, tot stand gekom.[145]

Die Leratong Hospitaal naby Kagiso het in die sestigerjare met die ontwikkeling van Kagiso as 'n groepsgebiede woongebied vir Swartmense, ontstaan. Dit is as 'n "Nie-Blanke hospitaal" bedryf deur die Transvaalse

---

140 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, *Community profile of Swanieville*, pp.3-5.

141 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council*, Jun. 1966, p.32.

142 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1912*, p.13.

143 Yusuf Dadoo was 'n lid van die Transvaal Indian Congress. Hy het as leier sterk standpunt ingeneem teen die rassepolitiek van die Unieregering en die Indiërs in hulle lydelike verset teen die regering gelei. D. Oakes, *Reader's Digest illustrated history of South Africa. The real story*, p.384.

144 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1913*, p.13.

145 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1915*, p.11.

Provinsiale Administrasie. Die Paardekraal Hospitaal is voortaan vir slegs Blanke pasiënte gebruik. Die Leratong Hospitaal is naas die Sterkfontein Hospitaal, die grootste hospitaal in Krugersdorp. Die hospitaal bedryf ook 'n buitepasiënt- en noodgevallefasiliteite. Twee moderne privaathospitale, die Krugersdorp Privaathospitaal en die Bellstraat Hospitaal, is sedert 1990 in Krugersdorp opgerig, asook die Monument- en Proteadagklinieke.[146]

### 5.4.2 DIE SPAANSE GRIEPEPIDEMIE VAN 1918

Die Spaanse Griepepidemie van 1918 het in Krugersdorp, soos in ander dorpe in Suid-Afrika, vir groot ontwrigting en lewensverlies gesorg.[147] Volgens 'n verslag van die gesondheidsinspekteur het die siekte sy verskyning in September 1918 in Krugersdorp gemaak. Die eerste sterfgeval het op 1 Oktober 1918 in die lokasie voorgekom. Die eerste Blanke het op 8 Oktober 1918 aan die griep gesterf. Alhoewel daar nie spesifieke statistieke gehou is nie, het die gesondheidsinspekteur bereken dat 95 Blankes en 307 Nie-Blanke inwoners sedert die uitbreek van die griepepidemie tot en met 30 November 1918 in Krugersdorp aan die griep oorlede is. Die mortaliteit in Krugersdorp vir die maand Oktober is, in vergelyking met ander Randse dorpe, relatief laag. Alhoewel geen rede hiervoor gegee word nie, kan die doeltreffende wyse waarop die Gesondheidkomitee die siekte in Krugersdorp bekanmp het, as rede vir die relatief lae sterftesyfer aangevoer word. Die onderstaande statistiek is saamgestel uit die verslag van die gesondheidsinspekteur.[148]

| **STERFTES : SPAANSE GRIEPEPIDEMIE SEPTEMBER - NOVEMBER 1918** Sterftes per 1000 van die bevolking | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Rasgroep** | **Krugersdorp** | **Pretoria** | **Germiston** | **Johannesburg** | **Benoni** |
| Blankes | 3.78 | 7.00 | 4.31 | 3.70 | 5.16 |
| Nie-Blankes | 5.53 | 24.26 | 7.60 | 8.40 | 9.17 |
| **Totaal** | **9.31** | **31.26** | **11.91** | **12.10** | **14.33** |

**Figuur 33**

146 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council*, Jan. 1966, p.32.

147 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard*, 19 Okt. 1918, p.3.

148 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/117, korrespondensieleêr F48, *Report on the epidemic of Spanish influenza*, 2 Des. 1918.

Die meerderheid van die sterfgevalle aan die griep in Krugersdorp was tussen die ouderdom 15 en 45 jaar. Ouer persone was relatief immuun teen die siekte. Geen rede word hiervoor gegee nie. Die ratio Blanke teenoor Nie-Blankes is bereken op een tot drie.[149]

Die Stadsraad het die volgende uitgawes in die bekamping van die epidemie aangegaan:[150]

| | |
|---|---|
| Verpleging van siekes | £ 80-04-00 |
| Vervoer van pasiënte | £109-19-00 |
| Vervoer van verpleegpersoneel en helpers | £309-13-00 |
| Mediese ordonnanse | £102-00-11 |
| Melk, botter, sop, ensovoorts | £240-12-01 |
| **Totale uitgawes:** | **£842-09-00** |

Stadsrade kon die helfte van die kostes wat vir die bekamping van die epidemie aangegaan is, van die Unie-Regering terugeis.[151]

Die Stadsraad van Krugersdorp het met die uitbreek van die epidemie besluit om onmiddellik £500 (vyfhonderd pond) aan die Gesondheidskomitee beskikbaar te stel vir die bestryding van die epidemie. Die besluit van die Stadsraad het die Gesondheidkomitee in staat gestel om sop en voedsel gratis aan pasiënte te voorsien. Voorsiening is ook gemaak vir die inrig van tydelike of noodhospitale en die sluiting van al die skole in die munisipale gebied.[152]

Die griepepidemie is 'n ramp wat die totale gemeenskap geraak het. *The Standard* berig op 26 Oktober 1918 dat die publiek in die algemeen die erns van die griepepidemie verstaan het en hulle by die gesondheidsreëls wat gegeld het, gehou het. Die gemeenskap van Krugersdorp het bymekaar

149 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/117, Brief Gesondheidsinspekteur-Stadsklerk Krugersdorp, 10 Des. 1918.

150 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/117, Brief Stadstesourier-Stadsklerk, 22 Mei 1919.

151 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/117, *Omsendbrief No. 17 van 1918, verw. 36/313/28*, 9 Okt. 1918.

152 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/117, Uittreksel uit notule *Public Health Committee*, 11 Okt. 1918.

gestaan om noodlenigingswerk te verrig en hulp te verleen waar dit nodig was (foto no.36).[153]

- Die onderwysers het as sieketroosters opgetree. Hulle het daagliks al die huise besoek en daarna in die stadsaal verslag gedoen oor die welstand van die inwoners wat hulle besoek het. Hierdie belangrike funksie is deur die skoolhoofde, menere P. Hopwood, C. Nicholson en J. Taylor, gekoördineer.
- Mevrou W. Greenwood Copping was in beheer van die sopkombuis by die stadsaal. Meer as 800 gesinne het daagliks 'n voedsame maaltyd tydens die piekperiode (Oktober 1918) van die epidemie ontvang.
- Sopkombuise is ook ingerig by die Burgershoop Public School, Krugersdorp High School en in die huis van mevrou J. Cooper in Wes-Krugersdorp om pasiënte in die distrik te help.[154]
- Tydelike hospitaal-akkommodasie is ingerig by die Krugersdorp Hospitaal en die West Rand Nursing Home vir Blanke pasiënte en in die Naturelle Paskantoor vir Swartmense. Laasgenoemde fasiliteit het onder die toesig van C.J. Tytherleigh, die lokasiesuperintendent, gefunksioneer. Die Town School is op 25 Oktober 1918 as addisionele tydelike hospitaal vir Blankes ingerig en die Drilsaal vir Nie-Blankes.
- Die griepepidemie het groot druk op die medici van die dorp geplaas. Dr. W.W.W. Watt was vir meer as tien agtereenvolgende dae tydens die piekperiode, 8-26 Oktober, die enigste geneesheer wat beskikbaar was om pasiënte te besoek en te behandel.[155] Vrywillige helpers uit die gemeenskap het spontaan na vore gekom om met die versorging van siekes behulpsaam te wees.

---

153 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard*, 26 Okt. 1918, 14 Des. 1918.

154 Die verwysing na "distrik" het betrekking op Burgershoop, Luispaardsvlei en Wes-Krugersdorp as Blanke woongebiede wat nie direk aan die Standplaasdorp of Distriksdorp gegrens het nie. Oop ruimtes veld het in hierdie stadium die woongebiede van mekaar geskei.

155 Geen rede word hiervoor verskaf nie. Die aanname word gemaak dat die ander geneeshere siek was aan die griep, of voltyds by die hospitale betrokke was.

- Ook in die Swartgemeenskap het vrywillige helpers spontaan na vore getree. Swart-kerkleiers en -onderwysers het 'n leidende rol gespeel in die versorging van siekes en die verspreiding van medisyne en voedsel in hierdie gemeenskappe.

- Die Krugersdorp Stadsraad het ook hulp verleen aan gesinne in die "buite distrik" (plaasdistrik). Voedsel en medisyne is aan pasiënte en gesinne in die plaasdistrik gestuur.

Die epidemie het in Desember 1918 in Krugersdorp begin afneem. Die tydelike hospitaal in die Town School en die Naturelle Paskantoor en Drilsaal is reeds vroeg in die maand gesluit. Sieknotas is aan die ontslane pasiënte gegee met 'n opdrag aan werkgewers om goeie en gesonde kos aan werknemers te verskaf vir die eerste aantal dae voordat die werknemer mag terugkeer na sy werksverpligtinge. Die Arbeidswet het vereis dat werkgewers voedsel aan werknemers moet voorsien vir die tydperk wanneer die werknemer as gevolg van siekte ongeskik is om te werk.[156] Die sopkombuise in die "distrik" is kort daarna ook gesluit, maar die skole het eers in die nuwe jaar weer heropen.[157]

Die Krugersdorp gemeenskap het geen ernstige nagevolge van die Spaanse griepepidemie oorgehou nie. Die algemene gesondheidstoestand van die gemeenskap het ten spyte van swak lewensomstandighede, wat verband hou met die wêrelddepressie en -droogte in Suid-Afrika, verbeter, alhoewel die haglike woonomstandighede van veral Swartinwoners kommerwekkend was. Die Mediese Beampte en Gesondheidsinspekteur het gereeld in maandverslae melding gemaak van faktore soos oorbewoning, onhigiëniese voedselvoorbereiding en die swak dreinering van stormwater in die Ou Lokasie, wat 'n gesondheidsrisiko ingehou het.[158]

---

156 Biblioteek, Krugersdorp, *The Standard,* 9 Nov. 1918.

157 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/117, *Report on the epidemic of Spanish influenza*, 2 Des. 1918. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard,* 12 Okt. 1918, 19 Okt. 1918, 26 Okt. 1918, 9 Nov. 1918, 16 Nov. 1918, 23 Nov. 1918. Alhoewel *The Standard* gereeld oor die griepepidemie berig het, en inwoners gemaan het om die griepepidemie ernstig op te neem, is geen kommentaar van die kant van die gemeenskap gepubliseer nie.

158 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inlitingsleêr G17, *Gesondheidsdienste*.

### 5.4.3 MUNISIPALE SLAGPALE

Die eerste slagpale in Suid-Afrika is in 1906 in Krugersdorp opgerig (foto no.35). Die slagpale is ontwerp deur stadsingenieur, R.A. Webster, en hoog aangeskryf deur groter munisipaliteite soos Johannesburg. Die slagpale is beskryf as "... an artistic structure with a wealth of windows and a number of out buildings ... a scientific slaughter house in the interest of public health."[159] Munisipale verordeninge het bepaal dat alle diere wat voortaan vir menslike gebruik geslag word, in die slagpale geslag moes word. Die Mediese Beampte en die gesondheidsinspekteurs het die karkasse van geslagte diere drie keer per dag geïnspekteer. Streng voorskrifte vir higiëne en skoonmaak van die slagpale het gegeld.[160]

Die slagpale was tot in 1953 in gebruik, toe 'n nuwe slagpale suid van die spoorwegstasie opgerig is. Die nuwe slagpale het in die sewentigerjare nie meer aan die vereistes voldoen nie. Die Beheerraad vir Lewende Hawe en die Vleisindustrie het die Krugersdorp slagpale in hierdie tyd tot 'n streekslagpale vir die Wesrand verklaar. Dit het tot die oprigting van 'n groter slagpale in 1975 in Chamdor gelei.[161] Die kapasiteit van die Chamdor-slagpale is die slag van 400 grootvee, 1500 kleinvee en 200 varke per dag.[162] Die Chamdor-slagpale is in 1976 oorgeneem deur die Abattoir Kommissie.[163]

### 5.4.4. FINANSIëLE VERHOUDING TUSSEN DIE SENTRALE REGERING, PROVINSIES EN PLAASLIKE OWERHEDE

Die finansiële verhouding met betrekking tot gesondheidsdienste tussen die sentrale regering, provinsies en plaaslike owerhede het sedert die veertigerjare die indringende aandag geniet van die United Municipal Executive of South Africa.[164] Die saak is in 1949 op 'n konferensie van die United Municipal Executive tot 'n spits gedryf. Op aandrang van die

---

159 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1907*, p.13.

160 Die ou slagpale word vandag gebruik as kerksaal deur die Nederduits Hervormde Kerk van Krugersdorp.

161 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, *Report on Public Health Department*, 1952-1970.

162 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1973-1974*, p.18.

163 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag, 1976-1977*, p.19.

164 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/96, korrespondensielêer F8, Uittreksel uit notule *Finansiekomitee*, 15 Mrt. 1943.

meerderheid konferensiegangers het die Minister van Gesondheid 'n komitee saamgestel om ondersoek in te stel na onder andere die vraagstuk van:

- gesondheidsdienste wat beskou word as uitsluitlik die verantwoordelikheid van plaaslike owerhede;
- basterdienste, dit is dienste wat gedeeltelik die verantwoordelikheid van plaaslike owerhede en gedeeltelik die verantwoordelikheid van die sentrale regering en/of die provinsies is; en
- dié dienste wat uitsluitlik die verantwoordelikheid van die sentrale regering of die provinsies moet wees.

Die verslag van die ondersoekkomitee is in 1951 aan die Minister voorgelê. Die gesondheidsdienste wat deur plaaslike owerhede verrig word, en waarvoor terugbetaling of subsididies geëis kan word, is in die verslag uiteengesit. Een-derde van die salarisse van voltydse gesondheidspersoneel was volgens die verslag aan plaaslike owerhede terugbetaalbaar. Die aanbevelings van die ondersoekkomitee het op 1 April 1952 in werking getree.[165] Die stelsel van gesubsidieerde gesondheidsdienste is vandag nog in gebruik.

### 5.4.5 GESONDHEIDSINSPEKTORAAT

Die gesondheidsinspektoraat vorm 'n baie belangrike onderafdeling van munisipale gesondheidsdienste. Gesondheidsinspekteurs besoek gereeld besighede, restaurante, openbare plekke en privaatwonings om die higiëniese en gesonde voortbestaan van die gemeenskap te verseker. Die taak en funksie van die gesondheidsinspekteur is om voorkomend op te tree. Vir hierdie doel is gesondheidsregulasies gepromulgeer wat deur die gesondheidsinspekteurs afgedwing word. Die gesondheidsinspekteurs het byvoorbeeld in 1988 huise in Blanke woongebiede besoek vir die nakoming van die gesondheidsregulasies. Oorbewoning en onvoldoende fasiliteite soos toilette en ander leefruimtes wat 'n gesondheidsrisiko vir die inwoners inhou, het

---

[165] TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/96, korrspondensieleêr F8, *Verklaring van die Minister van Gesondheid voortspruitende uit die verslag van die Komitee oor finansiële verhoudings tussen die Sentrale Regering, die Provinsies en Plaaslike Owerhede ten opsigte van gesondheidsdienste: Provinsiale Raadgewende Komitee*, 31 Aug. 1952.

voorgekom by 428 huise in Lewisham, 285 huise in Burgershoop en 1120 huise in Wes-Krugersdorp. Dagvaardigings vir korrektiewe optrede is aan die eienaars van hierdie huise uitgereik.[166]

Mediese en gesondheidsfasiliteite was teen 1993 binne die bereik van die meerderheid inwoners van Krugersdorp.

## 5.5. STRATE, VERVOER EN VERKEER

### 5.5.1 PAAIE EN STRATE

Krugersdorp is oorspronklik uitgelê in 'n ruitpatroon met verkeersbane tussen die straatblokke. Die hooftoegangsroetes was die pad vanaf Pretoria oor Muldersdrif, wat ook bekend staan as die "koetspad" en is die roete wat deur President Paul Kruger gebruik was vir besoeke aan Krugersdorp. Die Main Reef Road (Hoofrifweg) het Krugersdorp met Johannesburg verbind. Die pad vanaf Krugersdorp na Rustenburg het oor Sterkfontein en Hekpoort gegaan en die pad na Potchefstroom oor Gatsrand. Hierdie paaie was nie veel meer as 'n plat strook grond wat gelyk en hard vir verkeer gemaak is nie. Die instandhouding van die paaie was die verantwoordelikheid van die distrikslanddros vir soverre die pad binne sy distriksgrense geval het.[167]

In die dorp self was die toestand van die strate ook nie veel meer as 'n gelyk strook grond waarop geloop of gery is nie. Trouens, die woongebiede was nie eens met 'n behoorlike pad of straat met die sentrale besigheidsdistrik verbind nie, want verskeie voetpaaie is deur die munisipaliteit gebou om dit vir voetgangers makliker te maak, veral in reënweer.[168] Hierdie voetpaaie was van houtbruggies (foto no.37) oor die spruit voorsien, asook van elektriese

---

166 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 3 Jun. 1988.

167 Biblioteek, Krugersdorp, Africanäversameling inligtingslêer R18, *Roads*, sd. Kyk ook Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council*, Jan. 1996, pp.43,44.

168 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1913*, p.33. Die definisie van 'n voetpad is in die Verkeersverordenige van 13 Januarie 1932 soos volg verander: "Footpath" shall mean that portion, or lateral extremities of the street which, although not actually defined or made, is habitually used by pedestrians as a sidewalk." Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer R18, *Verkeersverordening*, 19 Jan. 1932.

beligting. Daar is in totaal vyf houtbruggies oor die Dorpspruit tussen die Standplaasdorp en die Distriksdorp gebou.[169]

Die Munisipale Raad het die stadsingenieur in 1904 opdrag gegee om onmiddellik met die bou van strate te begin.[170] Die grondstrate is veral deur reën en stormwater ernstig beskadig en onrybaar gemaak.[171] Die nuwe strate is daarom almal gemacadamiseer, dit wil sê met gruis wat in lae met ongebluste kalk as bindstof, platgerol is, verhard. Die gruisstrate is gereeld met behulp van 'n waterkar natgespuit om die stof in die woon- en besigheidsgebiede te verminder.[172]

Konstruksiewerk aan die strate het teen 'n stadige, maar doelgerigte pas vordering gemaak. Die konstruksie van die strate het 'n groot hap uit die munisipale begroting geneem. Die Sentrale Besigheidsgebied is eerste van behoorlike strate voorsien, gevolg deur die deurstrate in die Distriksdorp en die vier toegangsroetes. Volgens die burgemeestersverslag van 1912 was daar reeds 70 myl (112,654 kilometer)[173] strate in Krugersdorp. Slegs vier ander dorpe in Suid-Afrika het meer myle strate gehad.[174] Die strate wat nie gemacadamiseer kon word nie, is met ouklip gegruis. Hierdie konstruksiemetode was as geskik beskou vir die dra van ligte verkeer in die woongebiede.[175] Die totale straatlengte in Krugersdorp in 1929 was 87.44 myl (140.72068 kilometer), wat soos volg saamgestel is.[176]

169 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1914*, p.23.

170 Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal is 'n pad 'n strook grond wat gelyk en hard gemaak is vir verkeer tussen verskillende plekke of 'n strook grond waarop gery of geloop kan word. 'n Straat daarteenoor is 'n gemaakte, gewoonlik verharde pad, meestal tussen twee rye huise of geboue in 'n stad of dorp. F.F. Odendaal, (Hoof Red.), *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, pp.814 en 1092.

171 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1904*, p.7.

172 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 24 October 1905* p.14; *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1912*, pp.32-25.

173 *Keartland's metrieke omsettingstabelle,*. Een myl is gelyk aan 1,60934 kilometer, tabel 7.

174 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1912*, p.60.

175 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1914*, p.22.

176 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/20, korrespondensieleêr A45, Brief Stadsingenieur-Stadsklerk, 26 Mrt. 1929. *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een myl is 1,60934 kilometer, tabel 7.

| STRATE IN KRUGERSDORP : 1929 | | | |
|---|---|---|---|
| **Tipe straat** | **Konstruksiewerk gedoen deur** | **Aantal myl** | **Aantal kilometer** |
| Grond | Munisipaliteit | 43.72 | 70.360344 |
| Gruis | Provinsiale Administrasie | 10.01 | 16.109493 |
| Gruis | Munisipaliteit | 5.00 | 8.0467 |
| Gemacadamiseer | Munisipaliteit | 16.40 | 26.393176 |
| Gemadacamiseer met teeroppervlakte | Provinsiale Administrasie | 3.03 | 4.8763002 |
| Gemadacamiseer met teeroppervlakte | Munisipaliteit | 2.55 | 4.103817 |
| Hoofrifweg Gemacadamiseer | Munisipaliteit (gesubsidieer deur Provinsiale Administrasie) | 5.50 | 8.85137 |
| Hoofrifweg Gemacadamiseer met teeroppervlakte | Munisipaliteit (gesubsidieer deur Provinsiale Administrasie) | 1.23 | 1.9794882 |
| **Totale lengte van straat:** | | **87.44** | **140.72068** |

**Figuur 34**

Al die strate in die Blanke woongebiede was teen 1962 gemacadamiseer.[177] 'n Program vir die grootskaalse teer en herseël van die strate het in 1965 'n aanvang geneem.[178] Al die strate in Krugersdorp is vandag geteer. Die Stadsraad het R1.7 miljoen in 1988 gespandeer om meer as 600 kilometer strate in Krugersdorp op te gradeer en die oppervlakte daarvan te teer.[179]

Die Munisipale Raad het van tyd tot tyd armblankes in diens geneem om onderstandswerk te doen, byvoorbeeld om met padboukonstruksie behulpsaam te wees. Met die konstruksie van die Hoofrifweg in 1908 is van onderstandswerk gebruik gemaak. Die burgemeester doen soos volg daaroor verslag: "...a gang of 20 taken on at a wage of 5 shillings per day and when a man secured more renumeration employment his place was filled by another. The men proved satisfactory on this work, although costing more than Kaffir labour."[180]

---

177 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 6 Maart 1962*, p.8.

178 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 10 Maart 1966*, p.17.

179 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 12 Aug. 1988.

180 Biblioteek, Krugersdorp, Africana versammeling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1908*, p.23.

Die Hoofrifweg is een van die hoofverbindingsroetes tussen Krugersdorp en Johannesburg. Die pad loop deur die gebied van verskeie munisipaliteite, wat die vraag wie vir die instandhouding daarvan verantwoordelik is, in 1927 laat ontstaan het. Niemand wou verantwoordelikheid vir die instandhouding daarvan aanvaar nie. 'n Spesiale Hoofrifweg Kommissie is in die lewe geroep om die vraagstuk aan te spreek en te bepaal wie die pad die meeste gebruik en daarvolgens te bepaal wie vir die instandhouding daarvan verantwoordelik is. Die uiteinde van die ondersoek is dat bepaal is dat elke munisipaliteit, gesubsidieer deur die Provinsiale Administrasie, verantwoordelik is vir die instandhouding van dié gedeelte van Hoofrifweg wat binne sy munisipale gebied val.[181]

Die gedeelte van Derdestraat tussen Premier- en Pretoriastraat is in 1939 gesluit vir voertuie wat deur diere getrek word, omdat die steilte teen die rand te skerp en glyerig vir die diere geword het as gevolg van die harde padoppervlakte.[182] Strate is ook permanent gesluit vir verkeer terwille van ontwikkeling. So is 'n gedeelte van Ovenstraat in Burgershoop tussen Lagois- en Wagonstraat vir die vestiging van die Burgershoopskool gesluit.[183] Strate is ook permanent verlê om uitbreiding moontlik te maak. Voortrekkerweg is in 1942 tussen Monument-uitbreiding en Wentworth Park verlê ter wille van die ontwikkeling van die Factoria-nywerheidsgebied.[184]

Die benaming van strate en numering van huise het ook die aandag van die stadsingenieur geniet.[185] Straatname het erkenning verleen aan persoonlikhede wat 'n rol gespeel het in die ontstaan, ontwikkeling of geskiedenis van die dorp, byvoorbeeld Ockersestraat is vernoem na die eerste mynkommissaris in Krugersdorp, Humanstraat na spesiale landdros J.J.C. Human- en Rissikstraat na die landmeter wat die dorp opgemeet het. Strate dui ook plekke of roetes aan, soos Monumentstraat (foto no.38) wat die

---

181 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/126, korrespondensieleêer G29, Notule *Main Reef Commission*, 5 Des. 1927.

182 TAB, Pretoria, TPB, band 1086, verw. TA 34/8456, Korrespondensie insake strate Stadsraad-Provinsiale Sekretaris, 1939.

183 TAB, Pretoria, TPB, band 1086, verw. TA 38/8456, Korrespondensie insake strate Stadsraad-Provinsiale Sekretaris, 1927-1944.

184 TAB, Pretoria, TPB, band 1086, verw. A 32/8456, Brief Stadsklerk-Provinsiale Sekretaris insake verlegging van Voortrekkerweg, 28 Aug. 1942.

185 Kyk TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/50 vir besonderhede oor straatnaamgewing en die verandering van straatname.

roete vanaf die Standplaasdorp na die Paardekraal-monument aandui, of Markstraat waar die mark voorgekom het en Kerkstraat waar die kerkgebou is. Kommissarisstraat dui die straat aan waarlangs die kantore van die mynkommissaris was.

In die Distriksdorp is die strate wat die woongebied met die Standplaasdorp verbind en in 'n suid-noord rigting loop, genommer vanaf Eerstestraat tot Sewendestraat. Die kruisstrate in 'n oos-wes rigting is vanaf Onderstestraat tot Buitenstraat vernoem na persoonlikhede wat 'n rol gespeel het in die dorp, byvoorbeeld Bodensteinstraat wat na kommandant J. Bodenstein vernoem is en Blommensteinstraat wat na burgemeester G. van Blommenstein vernoem is.

Die vernoeming van persoonlikhede is in Burgershoop en Wes-Krugersdorp voortgesit. Dit was egter moeilik om die tendens te handhaaf, sodat straatbenaming van latere residensiële ontwikkelings 'n ander patroon begin aanneem het, byvoorbeeld Monument-uitbreiding koppel die name van voortrekkerleiers uit die geskiedenis aan die gebied om die Paardekraal-monument. Quellerie Park se ontwikkeling het saamgeval met die driehonderdjarige "Van Riebeeckfees" in 1952, met die gevolg dat straatname soos Drommedaris, Reyger, Nasau en Kampanje uit die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis hier voorkom. Die woongebied Rant-en-dal word gekenmerk deur straatname van voëls en diere om dit met die fauna van die omgewing te assosieer, terwyl Noordheuwel weer straatname het wat verwys na die een of ander berg in Suid-Afrika.

Straatname in die Boltonia-nywerheidsgebied word gekenmerk deur die tipe produkte wat in ligte nywerhede van die gebied vervaardig word, byvoorbeeld Chiselstraat, Pulleystraat en Spykerstraat.

Dieselfde patroon van straatnaamgewing kom in Azaadville, Munsieville en Kagiso voor. Straatname in Azaadville verwys na die Indiëse kultuur, godsdiens of streek van herkoms, byvoorbeeld Taj Mahalstraat, Kismetstraat, Kamalstraat en Kashmirstraat. In Munsieville kom straatname soos Mangope-, Pilane- en Shakastraat voor wat dui op persoonlikhede in die geskiedenis van die Swartgemeenskap. Die hoof deurroete in Kagiso is bekend as Kagisolaan. Omdat Kagiso 'n groter, uitgestrekte dorpsgebied is, kan hoof-

en sekondêre strate onderskei word. Hoofstrate soos Otlega-, Sebenzisa- en Kutlwanong dien as verbindingstrate na die woongedeeltes van spesifieke etniese groeperinge.[186] Die oorspronklike plasing van 'n etniese groep kan uit die straatname afgelei word, byvoorbeeld Ngwavung en Ixopostraat dui die vestiging van Ngunisprekendes aan, Lekgotla en Musongstraat die gebied van Sothosprekendes, en Batswanastraat die gebied van Twanasprekendes. Straatname in die ouer gedeelte van Kagiso bevestig die groepsgebiede ontwikkeling van die dorpsgebied. Die etniese plasing van Swartmense in Munsieville kan nie in dieselfde mate uit die straatname afgelei word nie, deels omdat die dorpsgebied baie klein is en andersyds as gevolg van die groter westerse invloed in die straatnaamgewing aan die begin van die twintigste eeu.[187]

Die munisipaliteit het verskeie verordeninge gepromulgeer vir die regulering van verkeer en die gebruik van strate, sypaadjies en voetpaadjies. Die Munisipale Raad het in hierdie verband op 23 Februarie 1904 besluit "...that there can be no equality between the white and the coloured persons in this country... Regulations Section 42, Sub-section 45 of Ordinance 53 of 1903 forbid the use of streets and sidewalks by natives ... A letter from the Town Clerk ask support to extend the regulations to include all coloured races ...".[188] Geen aanduiding word gegee waar en hoe die Nie-Blanke inwoners dan moes beweeg nie. Die drastiese besluit hou waarskynlik verband met die sogenaamde "swartgevaar" (Black Peril), waaraan meer aandag in hoofstuk elf gegee word, wat in die jare 1887 tot 1914 aan die Witwatersrand voorgehou het en die beperking van Nie-Blanke inwoners tot hulle eie woongebiede.[189]

186 Verwys na bespreking in hoofstuk vier vir besonderhede oor die vestigingspatroon volgens etniese groepering.

187 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensieleêer G9, *Konsep dorpsbeplanningskema*, Maart 1939; Museum, Krugersdorp, *Dorpsplan*, 1976.

188 TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/1/1, *Minutes of a meeting of the Municipal Council*, 23 Feb. 1904, p.7.

189 Kyk C. Dugmore, *A threat to property and lives:. Black "crime" and white "victims" in Krugersdorp, 1887-1914* (ongep. studie, University of the Witwatersrand), vir besonderhede oor die Black Peril in Krugersdorp.

Die toestand van strate in die Swart-, Indiër- en Bruinwoongebiede weerspieël dat die munisipaliteit teen 1938 nog nie sy gesindheid teenoor Nie-Blanke inwoners van die dorp verander het nie, want *The Standard and West Rand Review* berig dat die strate in die woongebiede in 'n betreurenswaardige toestand was.[190] Die toestand van die strate in die woongebiede was oor die algemeen swak. Die maandverslae van die lokasiesuperintendente berig op 'n gereelde grondslag van strate wat na die reëns weggespoel het, of so deurgeskraap is dat die gevaar bestaan het dat watertoevoerpype met verdere skraping ontbloot sal word.[191]

Geen melding word in verslae na 1938 oor die toestand van strate in die Swart-, Bruin- en Indiërwoongebiede gemaak nie. Die ontwikkeling van nuwe woongebiede onder die groepsgebiede wetgewing, Kagiso en Azaadville, het gepaard gegaan met die skep van 'n behoorlike infrastruktuur en strate van 'n beter gehalte.

### 5.5.2 OPENBARE VERVOERSTELSELS

Die stadsingenieur het in 1912 'n voorstel by die Munsipale Raad ingedien vir 'n spoorlose tramdiens "...providing the public with a cheap, reliable and rapid means of travelling between Krugersdorp and certain sections of the mining district within the municipal area."[192] Die stadsingenieur het 'n opname gemaak tussen 7 en 13 Oktober 1911 en bevind dat 26954 voetgangers, 16004 pasassiers in voertuie en 21117 persone op trapfietse gedurende die periode van die voorgestelde sirkelroete gebruik gemaak het. Die roete van die tramdiens is beplan om by die kragstasie in Pretoriastraat te begin en te eindig. Vanaf die kragstasie sou dit die roete volg langs Markstraat tot by Kommissarisstraat, waar dit in 'n westelike rigting draai en deur Burgershoop en Wes-Krugersdorp gaan tot by die Nommer vyf Skag van die Luipaardsvleimyn. In die omgewing van die skag sal die tramspoor die spoorlyn kruis en in die rigting van Ferguson tot by die Robinson

190 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 19 Aug. 1938.

191 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/58, korrspondensieléêr C19, *Maandverslag van Lokasiesuperintendent*, Sept. 1955, Okt. 1959, Apr. 1960.

192 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the year ending 31 October 1912*, pp.1-2.

Hospitaal (Randfontein) en die meule loop. Hier draai die roete terug in die rigting van Krugersdorp tot by die Millsite Perdewedrenbane en Baken Nr. R36 langs die Hoofrifweg. By die Lancastermyn sal die tramspoor weer die spoorlyn kruis en langs Monumentweg tot by die eindpunt loop. Die kostes verbonde aan die bou van spoorwegoorgange oor die spoorlyn tussen Randfontein en Krugersdorp, het egter die voorgestelde tramdiens gekelder.[193]

In 1921 het slegs 'n klein groepie welgesteldes motors besit. Huurmotors was daar glad nie. Perdebusse (foto no.39) het tussen die stadsaal, via Burgershoop na Wes-Krugersdorp geloop. 'n Rit heen-en-weer met die perdebus het ongeveer 30 minute geduur. Motorbusse het sedert 1914 hul verskyning op die openbare vervoertoneel gemaak (foto no.40). Een van die eerste motorbusse wat sy verskyning gemaak het, was die bus van Japie de Vries. Volgens die herinneringe van W.B. Griffin,[194] was dit 'n "...afgeleefde Ford met 'n hoë wit tent en wiele met hout speke. ... Ou Japie kon die Ford net met 'n slinger aan die gang kry, en net hy het geweet hoe. ... Terwyl die bus op klandisie gewag het, het Japie liedjies gefluit. Wanneer dit tyd geword het om te vertrek, het hy bakhand voor die mond, 'n moontlik klant luidkeels nadergeroep." Perdebus-eienaars kon nie met die motorbus-eienaars kompeteer nie. Dertien perdebus-eienaars het in 1923 in 'n petisie by die Stadsraad gekla oor die onregverdige kompetisie en versoek dat die Stadsraad aan hulle omnibuslisensies toeken, wat aan hulle meer vryheid van beweging sou toelaat. Die munisipale verordeninge vir perdebusse het bepaal dat die busse binne 'n bepaalde roete tussen die stadsaal en Wes-Krugersdorp moes bly, dat geen passasiers op weg opgelaai kon word nie behalwe by voorafbepaalde bushaltes en dat die busse vir minstens tien minute by elke halte vir passasiers moes wag. Met 'n omnibuslisensie kon die perdebusse, soos die motorbusse, van die roete afwyk om 'n soort van taxi-diens te lewer. Die Stadsraad het in reaksie op die petisie die wagtyd van motorbusse verhoog na 20 minute per halte. Die perdebusse het op die lang duur die stryd

193 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B21, *Report by Town Engineer re Transport of passengers between Krugersdorp and certain sections of the mining area*, 11 Mei 1912.

194 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P1, *W.B. Griffin*, p.5.

teen die motorbusse verloor.[195]

In 1926 was dit weer vir die Stadsraad nodig om in te gryp. Hierdie keer om die belange van die passasiers teen prysverhogings van die motorbus-eienaars te beskerm. Die Stadsraad het in hierdie jaar die volgende tariewe vasgestel.[196]

| TARIEWE VIR VERVOER VAN PASSASIERS : 1929 | | |
|---|---|---|
| **Roete vanaf stadsaal na** | **Ou tarief** | **Hersiene tarief** |
| Stasie | ses pennies | een sjieling |
| Distriksdorp | ses pennies | een sjieling |
| Luipaardsvlei-stasie | een sjieling | drie sjielings |
| West Rand Consolidated Mines | twee sjielings | twee sjielings |
| Millsite | twee sjielings | drie sjielings |
| Randfontein | vier sjielings | sewe sjielings en ses pennies |
| Wes-Krugersdorp | drie sjielings | ses pennies |

**Figuur 35:**

Die tarief vir die afstand tussen Wes-Krugersdorp en die Krugersdorpstasie is vasgestel op een sjieling en ses pennies. Vervoer van Nie-Blanke passasiers in 'n "tweedeklas" motor vanaf die stasie tot by die Nuwe Lokasie het twee sjielings gekos en vanaf die stasie tot by die Ou Lokasie, een sjieling.[197]

Die Stadsraad het nooit 'n eie busdiens in stand gehou nie, maar busdienste van tyd tot tyd gesubsidieer. Die Greyhound Busmaatskappy het in die sestiger- en sewentigerjare 'n busdiens in Krugersdorp bedryf. Elf busse het in 1971 ongeveer 384 041 kilometer op die Krugersdorp roetes afgelê, maar toe die bustariewe in 1974 verhoog is, het die benutting van die busdiens drasties afgeneem sodat slegs twee van die nege roetes ekonomies bedryf kon word. Passasiersweerstand teen die hoër tariewe en minder geleë tye het daartoe gelei dat die busdiens opgeskort is in 1976.[198] Die busdiens is in 1986

---

195 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/160, korrespondensieleêr H29, *Petisie Perdebus-eienaars*, 11 Jan. 1923.

196 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/160, korrespondensieleêr H29, Brief Stadsklerk-Motorbus-eienaars, 11 Jan. 1926.

197 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/160, korrespondensieleêr H29, Brief Stadsklerk-Motorbuseienaars, 22 Mrt. 1926.

198 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr B21, *Verslag van studiegroep insake busdiens*, 1 Apr. 1976.

vervang met 'n mini-busdiens, maar die het ook nie lank gehou nie as gevolg van die kompleksiteit van die behoeftes van ondersteuners en die hoë koste waarteen die diens gelewer is.[199] Die Stadsraad het in 1990 besluit om die installering van 'n busdiens tussen Krugersdorp en Johannesburg nie goed te keur nie as gevolg van die koste-implikasies.[200]

Inwoners het toenemend van taxis vir openbare vervoer afhanklik geword omdat Krugersdorp geen openbare vervoerstelsel het nie. Die taxis word deur privaat taxi-eienaars en taxi-verenigings bedryf. Dit is veral die inwoners van Munsieville en Kagiso wat van die taxi-vervoer gebruik maak. Inwoners van hoërinkomstegroepe maak gebruik van privaat vervoer. Agt-en-dertig Swart-taxis het in 1968 tussen Kagiso en Munsieville en Krugersdorp passasiers vervoer. Die kapasiteit van die taxis is deur die Verkeersafdeling van die Stadsraad bepaal op 15 duim (38.1 sentimeter)[201] per passasier. Die vrag wat die taxi kon dra, is op die lisensiesertifikaat aangetoon. Probleme om rooftaxis, en oorlading te voorkom, is die belangrikste probleme waarmee die verkeersafdeling in hierdie jaar te kampe gehad het. Die eienaar van 'n Bruin-taxi is ook gedagvaar om in die hof te verskyn omdat Swartmense in die taxi vervoer is.[202] Die inwoners van Munisieville, Kagiso en Azaadville is vandag nog van taxis vir openbare vervoer afhanklik. Die Stadsraad het verskeie taxi-staanplekke vir die op- en aflaai van passasiers in die SBD ontwikkel. Omdat die taxis deur verskillende taxi-verenigings beheer word, maak taxis wat tussen Kagiso en die SBD pendel, gebruik van die staanplek by die Krugerrandsentrum in Pretoriastraat. Die staanplek vir taxis na Munsieville is twee straatblokke verder in dieselfde straat. Die taxi-staanplek by die Krugersdorpstasie word deur al die taxis gebruik. Taxis wat tussen Azaadville en die SBD pendel, het nie 'n spesifieke staanplek nie, alhoewel die meerderheid taxis die staanplek by die Krugerrandsentrum gebruik.[203]

---

199 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 25 Jul. 1986.

200 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 6 Apr. 1990.

201 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een duim is gelyk aan 25.4 millimeter, tabel 1.

202 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer T13, Brief Hooflisensie en verkeersbeampte-Stadsklerk, 15 Mei 1968.

203 Persoonlike waarneming na ondersoek ter plaatse.

### 5.5.3 VERKEERBEHEER

Die toename in motorvoertuie het teen 1960 parkeerprobleme in die SBD veroorsaak sodat die Verkeerskomitee die gebruik van parkeermeters ingestel het. Spesiale verordeninge om die gebruik van die parkeermeters verpligtend te maak, is afgekondig. Die parkeermeters was tot in die tagtigerjare gebruik, waarna dit afgeskaf is as gevolg van die hoë instandhoudingskoste. Die verlies aan koopkrag uit Krugersdorp omdat daar nie voldoende parkeergeriewe beskikbaar is nie het ook tot die afskaffing van parkeerkeermeters bygedra. In die plek van die parkeermeters het die munisipaliteit oop parkeerareas in die SBD beskikbaar gestel.[204] Die afkondiging van die verordeninge vir parkeermeters, het gepaard gegaan met die opstel van regulasies en 'n gedragskode vir die verkeersbeamptes.[205]

Die Provinsiale Administrasie het in 1970 besluit om die munisipale verordeninge in die provinsie met betrekking tot verkeerbeheer en die gebruik van strate te standaardiseer met die oog op groter eenvormigheid in die optrede van verkeersbeamptes. Hierdie besluit is deur die Krugersdorp Stadsraad ondersteun. Nuwe verordeninge is volgens standaarde deur die Provinsie voorgeskryf, geproklameer. Die verordeninge reël die gebruik van strate deur voertuie en voetgangers, die parkeer van voertuie, ouderdomsbeperking van voertuigbestuurders, vrag op fietse, registrasie en lisensiëring van fietse, taxis en busse, bepaling van busstopreëls en die uitreik van bestuurderslisensies. Die verordeninge maak ook voorsiening vir strafbepalings vir oortredings van die verkeersregulasies.[206]

Die munisipale verkeersafdeling het hulle hande vol gehad om die verkeersoortredings en die voorkoms van padongelukke te beheer. Teen 1959 was daar reeds 14500 privaat motorvoertuie in Krugersdorp geregistreer. In die 419 padongelukke wat hierdie jaar in Krugersdorp voorgekom het, was daar 14 sterfgevalle. Die Stadsraad het daarom besluit

204 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/10/1/1, *Notule van die Verkeerskomitee*, 7 Mrt. 1960, p.33, en 6 Okt. 1960, p.277.

205 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/10/1/1, *Notule van die Verkeerskomitee, 3 Okt.* 1960, p.111.

206 TAB, Pretoria, TPB, verw. TALG 5/98, Brief Direkteur van Plaaslike Bestuur-Plaaslike Besture, 26 Febr. 1970.

om 'n meer intensiewer padpatrolliediens in te stel ten einde die stygende ongeluksyfer teen te werk. Die besluit het ook die vervolging van kinders, wat hulle aan oortredings van die verkeersverordeninge skuldig maak, ingesluit.[207]

Motors was by die meerderheid van die padongelukke betrokke, gevolg deur vragmotors en busse. Voetgangers, fietse en bakkies was in 'n mindere mate by die ongelukke betrokke. Padveiligheid is 'n saak wat deurgaans die aandag van die verkeersafdeling geniet het. Alle pogings is aangewend om ongelukke te voorkom en die padwaardigheid van voertuie te verseker. 'n Nuwe toetsterrein vir motorvoertuie is in 1965 in gebruik geneem. Die toetsterrein is met die mees moderne toerusting toegerus. Die Stadsraad het ook 'n tweede voertuig ondersoekbeampte aangestel.[208] Die Stadsraad het in 1964 'n Gatsometer aangekoop om die hoë spoed van motoriste en die gevolglike nalatige bestuur, te beheer. Die Stadsraad het nie die aankoop van die Gatsometer gesien as 'n geleentheid om geld te maak nie, maar as 'n instrument om spoed binne die munisipale gebied te beheer en ongelukke te voorkom.[209]

### 5.5.4 SPOORVERBINDING EN TREINDIENSTE

Krugersdorp is reeds in 1890 per spoor met Johannesburg verbind, en in 1896 met Randfontein. 'n Daaglikse treindiens tussen Krugersdorp en Johannesburg het honderde werkers tussen die twee dorpe vervoer. Dinath verwys na hierdie spoorlyn as die *Rand Tram line*.[210] 'n Gereelde treindiens na Randfontein is in 1907 ingestel. Die inwoners van Wes-Krugersdorp het in 1911 vertoë gerig dat 'n sylyn vanaf die Robinsonstasie aangelê moes word omdat baie van die inwoners werksaam was by die Randfontein Estate Goudmyn. Die versoek is afgekeur as gevolg van die hoë koste daaraan

---

207 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die jaar geeïndig 31 Oktober 1959*, par.26.

208 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 8 Maart 1965*, p.26. Die lisensie- en verkeersafdeling het in 1996 na 'n nuwe perseel en toetsterrein in Delporton verhuis.

209 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 8 Maart 1965*, p.25.

210 M.Y.D. Dinath, *Asiatic population settlement in the Transvaal...*, p.87.

verbonde.[211] Die Johannesburg-Krugersdorp spoorlyn is in 1937 geëlektrifiseer. Die ingebruikneming van die geëlektrifiseerde spoorlyn het saamgeval met die Jubilieum-feesvieringe van die dorp.[212] 'n Rit na Johannesburg is met 30 minute verkort as gevolg van die elektrifisering van die spoorlyn.[213]

Krugersdorp het 'n moderne nuwe stasiegebou in 1941 in gebruik geneem. Die nuwe stasie het vier hooflynplatforms en twee gewone platforms voorsien. Toegang tot die platforms word verkry deur middel van ondergrondse tonnels. Die nuwe stasie is in hierdie tyd as die modernste aan die Rand beskryf.[214] Die uitleg van die stasiegebou en ondergrondse tonnel, sowel as die vervanging van ou toerusting met nuwe toerusting het die nuwe stasie bo ander spoorwegstasies van dieselfde grootte en omvang laat uitstaan. Die nuwe stasie-uitbreidings wat in lyn is met die plek wat Krugersdorp in die handel en nywerheid van die Transvaal ingeneem het en die vertroue wat die spoorwegadministrasie in Krugersdorp gestel het, weerspieël.

Die moontlikhede vir vervoer en transport van goedere, sowel as die ligging van die dorp, is 'n belangrike faktor waarteen ekonomiese groei van 'n dorp gemeet word. Die graad en intensiteit van die ekonomie bepaal die tipe en kompleksiteit van die vervoernetwerk en die vervoermiddels wat voorsien moet word. Die ruimtelike verspreiding van residensiële gebiede maak integrasie met die SBD onmoontlik sonder effektiewe verbindingsroetes. Beperkte verbinding met Muldersdrift en met die Kagiso-Rietvallei-Lusaka-area geniet daarom indringend aandag van die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad.

---

211 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer R3, *Railways*, sd.

212 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K44, Brief Stadsklerk-Jubileum Feeskommissie, 9 Jul. 1937.

213 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 28 Jan. 1938.

214 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 1 Aug. 1941.

## 5.6. BRANDWEER- EN AMBULANSDIENS

### 5.6.1 BRANDWEERDIENSTE

'n Vrywillige brandweerdiens is in 1904 deur die eerste Munisipale Raad ingestel. Verordeninge is afgekondig vir die regulering van die diens.[215] Die Munisipale Raad het uniforms en toerusting aan die vrywillige brandweermanne voorsien. 'n Chemiese brandweermasjien is ook aangekoop waarmee brande in 'n ontbrandingstadium beheer kon word. Brandkrane is orals in die dorp voorsien.[216]

Voorsiening is gemaak vir die huisvesting van die brandweerdiens in die kelder van die nuwe stadsaal. Die brandweermanne is vir 'n brand opgeroep deur die markklok te lui. Die klok was nie altyd hoorbaar nie en in 1908 het die Munisipale Raad goedkeuring verleen vir die installering van elektriese klokkies in die huise van die brandweerkorps. Een brandweerman het voortaan ook die brandweerstasie voltyds beman. Vir hierdie doel is 'n woonvertrek by die brandweerstasie ingerig. Hiermee is die lewering van 'n voltydse brandweerdiens deur die munisipaliteit ingestel.[217]

'n Moderne petrolaangedrewe brandweermotor is in 1909 aangekoop van *Merryweather & Sons* (foto no.41). Dit was die nuutste model masjien en die eerste van sy soort in Suid-Afrika. Die brandweermotor is op 1 September 1909 seremonieel "gedoop" deur die burgemeestersvrou. Die seremonie het plaasgevind by die dam in die Kenmare-kloof. Dit is bygewoon deur ampsdraers van omliggende munisipaliteite. Die brandweerhoof het 'n lesing en 'n demonstrasie gegee oor die goeie kwaliteite van die nuwe brandweermotor.[218] 'n Tweede *Merryweather*-brandweerwa is in 1929 aangekoop. Hierdie masjien het 'n 35 voet (10.69 meter)[219] leer gehad en kon

---

215 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Fires and Fire Department By-laws*, September 1904.

216 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1904*, pp.7,8. Kyk ook *The Standard*, 18 Jul. 1903.

217 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the year ending 31 October 1909*, p.3.

218 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1910*, p.28. Kyk ook inligtingslêer F3, *Fire Brigade*, sd.

219 *Keartland's metrieke omsettingstabelle,*Een voet is 0,3048 meter, tabel 3.

50 gallon (227.3 liter)[220] water in sy tenk saam dra wat 'n groot verbetering op die ander toerusting was. Die brandslange kon almal gelyktydig aan die masjien gekoppel word.[221] Teen 1952 was die munisipale area wat deur die brandweerdiens bedien is, ongeveer 52 vierkante myl (83.69 vierkante kilometer)[222] groot. Hiervan was slegs 8.4 vierkante myl (14.22 vierkante kilometer) as woongebiede ontwikkel. Die dorpsgronde het 29.6 vierkante myl (47.64 vierkante kilometer) beslaan en die myngrond 14 vierkante myl (27.53 vierkante kilometer). Veldbrande het algemeen voorgekom as gevolg van die uitgestrekte dorpsgronde, veral gedurende die droogte van 1965. Die aantal brande wat die brandweer bestry het, het ook as gevolg van die toename in die bevolking toegeneem. Die brandweer moes in hierdie jaar ook verskeie liggame van mense en diere uit die talle uitgewerkte mynskagte haal.[223]

Nadat 'n brand verwoesting gesaai het in die sentrale besigheidsdistrik, het die Stadsraad in 1912 verskeie stappe geneem ter voorkoming van brand. Die paraffien-opslagplekke in die dorp is verskuif na 'n sentrale opslagplek op die dorpsgronde oos van die slagpale. Sodoende het Krugersdorp se eerste "nywerheidsgebied" beslag gekry. 'n Brandgordyn is ook op die verhoog van die stadsaal aangebring.[224] Die brandweerdiens het in hierdie stadium bestaan uit twee offisiere en 'n motorwerktuigkundige, asook nege vrywillige manskappe.

Die brandweerstasie in die kelder van die Stadsaal kon sedert 1928 nie meer in die behoeftes van die brandweerdiens voorsien nie. 'n Nuwe brandweerstasie is derhalwe in die dertigerjare langs die Park in Kommissarisstraat gebou en in 1938 in gebruik geneem. Die standplaas was voorheen deel van die park. Die gemeenskap was bekommerd dat die nuwe brandweerstasie die aansien van die park sou benadeel, veral omdat die

220 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, tabel 23. Een gallon is 4,54609 kiloliter.
221 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer F3, *Fire Brigade*, sd.
222 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een myl is 1,60934 kilometer, tabel 7.
223 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer F3, *Fire Brigade*, sd. Kyk ook *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 8 Maart 1965*, p.14.
224 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the year ending 31 October 1912*, pp.30 en 60.

hoofingang na die park verskuif moes word om plek vir die brandweerstasie te maak. Die nuwe brandweerstasie het 'n meerdoelige funksie gehad deurdat dit verantwoordelik was vir brandbestryding sowel as ambulansdienste. 'n Beheerstasie het beide dienste bedien, maar afsonderlike in en uitgange word deur die twee dienste gebruik om 'n opeenhoping van voertuie in gevalle van nood, te voorkom. Die dubbelverdiepinggebou maak op die grondvlak voorsiening vir die parkeer van die voertuie en vir die beheerkamer. Op die tweede vlak is daar 'n ontspanningsaal, eetsaal en enkelkwartiere vir personeel. Wooneenhede vir brandweermanne en offisiere is oos van die brandweerstasie voorsien. Die totale koste aan die nuwe brandweerstasie is £15000 (vyftienduisend pond).[225] Die stasie is in hierdie stadium beman deur vyftien brandweermanne, insluitende die offisiere. Die brandweermanne is in twee peletonne verdeel, wat in twee skofte gewerk het, naamlik vanaf 9:00 tot 18:00 en vanaf 18:00 tot 9:00 die volgende dag.[226]

Brandweerpersoneel besoek nywerhede, skole en openbare geboue gereeld met die oog op inspeksies vir die nakoming van brandregulasies. Lesings en opleiding aan die publiek oor brandbestryding en brandvoorkoming word gereeld gegee. Gedurende die sestiger- en sewentiger jare was die brandweerdiens betrokke by opleiding van die gemeenskap in noodhulp en brandbeskerming met die oog op die Burgerlike Beskermingsinisiatief van die Regering.[227]

Die munisipaliteite van die Witwatersrand is in 1960 ingevolge 'n brandbestrydingstelsel in drie groepe ingedeel. Minimum standaarde was gestel ten opsigte van toerusting en die personeelkorps van 'n brandweerstasie. Krugersdorp en Roodepoort is in die B-kategorie volgens die brandbestrydingstelel geplaas. Die doel van die stelsel was om "...in the event of a major fire, say at Plascon Paints or Mine Props, where the local brigade would not be able to cope, ... to provide for the calling of machines from other areas to assist. Krugersdorp Brigade, in turn, would be required to

225 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 3 Mrt. 1939. Kyk ook inligtingslêer F3, *Fire Brigade*, sd.

226 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/160, korrespondensielêer H28, *Reëls en regulasies vir brandweermanne*, 26 Jan. 1945.

227 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 13 Maart 1969*, pp.31,32 en *Burgemeestersversalg 1974-1975*, p.40.

assist in the event of a major outbreak elsewhere, either to stand-by or fight fires outside our Municipal area, but only at the request of participants of this scheme ...".[228] Die Stadsraad het ingevolge die brandbestrydingstelsel 'n samewerkingsooreenkoms met die Stadsraad van Roodepoort gesluit. Deelname aan die brandbestrydingstelsel en die ooreenkoms met Roodepoort het nie die Stadsraad van hulle verantwoordelikheid ontneem om 'n goed toegeruste brandweerdiens in stand te hou nie.

Die Krugersdorp Brandweerhoof, H.A. Jordaan, het in Junie-Julie 1969 'n studietoer na Europa meegemaak. In sy verslag oor die toer was hy van mening dat die brandweerdienste in Engeland en Duitsland baie meer gevorderd was as dié in Suid-Afrika. Selfs die kleinste gemeenskappies het behoorlik toegeruste brandweerstasies gehad. In Suid-Afrika was dit nie die geval nie. "Vergelyk die 700 brandweermanne van Frankfurt met 750 000 inwoners teenoor 180 brandweermanne van Johannesburg met meer as 'n miljoen inwoners en verskeie groot nywerhede ... die feit dat die Regering onlangs baie groot bedrae spandeer het om brandweervoertuie vir plaaslike owerhede aan te koop, dui daarop dat hierdie tekortkoming allerweë erken word." [229] Krugersdorp het in 1969 'n nuwe brandweerwa met staatshulp aangekoop. Met die hulp van die Snorkel-Brandweerwa kan lewensverlies en verlies aan eiendom in 'n groot mate beperk word. Die Stadsraad het in 1969 sewe sent van elke 100 sent belastinginkomste aan die Brandweer en Ambulansdiens spandeer.[230] Alhoewel die brandweertoerusting instand en in goeie toestand gehou word, het die Krugersdorp Stadsraad sedert 1969 geen groot kapitaaluitlegte gemaak vir die aankoop van bykomende of nuwe voertuie of toerusting nie.[231]

---

228 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer F3, *Fire Brigade*, sd.

229 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer F3, Verslag: *Studietoer na Europa*, 1969.

230 Biblioteeek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 13 Maart 1970*, p.5.

231 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslae*, 1970-1993.

Spesiale dienste wat die brandweer aan die gemeenskap lewer, sluit in die vul van swembaddens, skoonspuit van padoppervlaktes na ongelukke, bevryding van diere (byvoorbeeld uit stormwaterpype), ensovoorts.[232]

### 5.6.2 AMBULANSDIENSTE

Die Krugersdorp-brandweer het sedert die eerste ambulans in 1915 aangekoop is, 'n effektiewe ambulansdiens aan sowel die Blanke as die Nie-Blanke gemeenskappe van Krugersdorp opgebou. Die Stadsraad het in 1970 goedkeuring verleen vir die aankoop van vyf nuwe ambulanse om in die steeds toenemende behoefte vir ambulansdienste te voldoen. Die ambulansdiens het in hierdie jaar 5927 pasiënte vervoer na hospitale en ander inrigtings. Dit is 'n toename van 1082 pasiënte teenoor die voorafgaande jaar.[233] Een van die nuwe ambulanse is in 1974 toegerus met 'n broeikas (ventilator) vir die vervoer van babas na intensiewe versorgingseenhede.[234] In 1986 is die ambulansdiens deur vier Ambulans Mediese Assistente en twaalf Nood-Mediese Assistente bedien. Die ambulansdiens was ook met vyf mediese praktisyns per radio verbind om bystand in noodgevalle en by ongelukstonele te verskaf. Die diens het tussen dertig en veertig gevalle per dag in 1986 hanteer. Ten spyte hiervan is die ambulansdiens in 1987 afgeskaal om net nood-mediese dienste te lewer, omdat die provinsiale subsidie vir ambulansdienste verminder het en die Krugersdorp belastingbetalers nie tot die ambulansdiens bygedra het nie.[235]

Die ambulansdiens is teen 1993 verder besnoei. Die nood-mediese gevalle waarvoor ambulanse aangevra kon word, is in drie groepe geprioritiseer, naamlik:

"Priority 1: Critical cases requiring immediate treatment and prompt transport to a hospital.

232 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling *Burgemeestersverslag 1985-1986*, p.20.

233 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 16 Maart 1971*, p.6.

234 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1974-1975*, p.40.

235 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr F3, *Fire Brigade*, sd.. Kyk ook *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 16 Maart 1971*, p.6.

- Priority 2: Serious cases whose treatment cannot be delayed too long, who also need prompt transport to a hospital.
- Priority 3: Patients who require treatment, but not urgently."[236]

### 5.6.3 STREEKDIENS

Die Krugersdorp brandweer- en ambulansdiens is gedurende 1993 deur die Wesrand Streekdienste Raad oorgeneem. Die Burgerlike Beskerming beheersentrum wat in die ou brandweerstasie by die stadsaal ontwikkel is, is in 'n Direktoraat Noodbestuur omskep. Die Direktoraat funksioneer op 'n soortgelyke wyse as die Amerikaanse "911". Die "107" nooddiens bedien die hele Wesrand tot by Fochville. Die nooddiens-beheersentrum is 24 uur per dag operasioneel en in radio of telefoonverbinding met al die nooddienste, polisie, verkeersdepartemente, hospitale, ensovoorts, aan die Wesrand.[237]

## 5.7. PARKE EN ONTSPANNINGSFASILITEITE

### 5.7.1 KRONINGSPARK

'n Park vir Krugersdorp is in 1902 oos van die Standplaasdorp aangelê deur 'n groep vooraanstaande Engelssprekende inwoners ter herdenking van die kroning van Edward VIII as koning van Brittanje. Daar is aanvanklik daarna verwys as "Die Park" en later as Kroningspark. Die Munisipale Raad het die park met die totstandkoming van die munisipaliteit oorgeneem en dit ontwikkel as 'n gewilde bymekaarkomplek vir inwoners van die dorp, veral op Sondae.[238] Die dorpsorkes, waaroor meer inligting in hoofstuk sewe verskaf word, het gereeld musiekuitvoerings in die park gegee. 'n Doolhof, uitgelê volgens die plan van die doolhof te Hampton Court, Engeland, was baie gewild, maar dit is later deur vandale vernietig.[239]

Kroningspark het tot een van die grootste aantreklikhede van die dorp ontwikkel. Die mooi sierbome en wandelpaadjies skep 'n rustige atmosfeer:

---

236 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp News,* 16 Apr. 1993.

237 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp News,* 20 Aug. 1993.

238 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1904*, p.8.

239 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C13, *Coronation Park*, sd.

"Colour and horticultural, as well as botanical interest was introduced by the laying out of formal rectangular flower gardens, with numerous beds and spacious rose borders, palms and standard golden privets and also a shrubbery of ambitious proportions, planted with a very fine collection of trees and shrubs of rare quality and of recent introduction"[240] (foto no.40). Uit die voorafgaande kan afgelei word dat Kroningspark 'n tipiese voorbeeld is van die Engelse parklandskap en argitektuur. Die park is ontwerp en uitgelê deur die tuinboukundige van die munisipaliteit, Harry Sharp.[241] Die totale oppervlakte van die park was tydens uitleg ongeveer 24 hektaar.[242]

Munisipale verordeninge wat vir die park opgestel was, het die Swartmense en Indiërs beperk in die benutting van die park. Hulle was nie toegelaat om op die parkbankies te sit nie en daar is selfs op 'n tyd probeer om toegang heeltemal aan hulle te weier.[243]

Die ontwikkeling van 'n meerskema vir ontspanningsdoeleindes by die Park is reeds in 1915 ondersoek. Die skema het die bou van 'n dam vir hengel, bootritte, swem en watersport voorsien, maar dit kon in die lig van "onbenutte water" nie geregverdig word nie.[244] 'n Tweede poging om die meerskema in 1922 te ontwikkel, het ook misluk. Die ideaal om 'n meerskema by die Park te ontwikkel het die toets van tyd deurstaan. 'n Meerskema is in die tagtigerjare ontwikkel en in 1987 met die eeufeesvieringe van die dorp in gebruik geneem. Die Eeufeesdam voorsien in die behoefte van die inwoners vir die beoefening van hengel- en watersport.[245]

---

240 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C13, *Coronation Park*, sd. Kyk ook *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1906*, p.10.

241 Harry Sharp het uit Wallis na Suid-Afrika gekom in 1906. Hy was 'n leerling tuinboukundige by die Loch Inch Castle in Skotland. Hy was vir 44 jaar as tuinboukundige in diens van die Krugersdorp munisipaliteit. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C13, *Coronation Park*, sd.

242 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C13, *Coronation Park*, sd.

243 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/3/1/2, *Notule van Algemene Sake Komitee*, 2 Sept. 1907, pp.2-5, en 2 Mei 1910, p.421.

244 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 Oct. 1915*, pp.106-111. Kyk ook inligtingslêer C13, *Coronation Park*, sd. en inligtingslêer W3, *Wanderers Sport Grounds*, sd.

245 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C13, *Coronation Park*, sd.

Ontspanningsgeriewe vir kinders soos byvoorbeeld swaaie, rondomtalies en wipplanke is vir die eerste keer in 1911 voorsien (foto no.43). Die kinderspeelpark is in 1985 in 'n avontuurpark omskep met die doel om kinders tussen die ouderdom vier en twaalf jaar toe te laat om kreatief in groepe saam te speel. Die avontuurpark bied aan die stadskind die geleentheid om aan aktiwiteite deel te neem wat normaalweg nie by woonhuise voorsien kan word nie, byvoorbeeld die bou van boomhuise, verf van motorwrakke in kleurskemas van die kind se keuse en om op klimapparate hulle koördinasie te ontwikkel.[246]

Met die verstedeliking van Krugersdorp is die kinders in 'n al hoe groter mate vervreem van die platteland en gedomestikeerde plaasdiere. 'n Dorpsplaas is derhalwe in Kroningspark ontwikkel met die doel om mak plaasdiere soos varke, hoenders, skape, donkies, en eende aan die stadskind bekend te stel. Kinders word toegelaat om die diere te voer. Ritte op perde en donkies vind onder toesig plaas.[247]

'n Verkeersopleidingsentrum vir kinders is in 1959 in Kroningspark ontwikkel in samewerking met die verkeersdepartement en die Mobil Oliemaatskappy. Die teikenouderdom vir opleiding aan kinders is twaalf jaar en jonger.[248]

'n Swembad is op 19 Oktober 1932 in Kroningspark geopen. Die swembad het aan 'n groot behoefte van die publiek van Krugersdorp voorsien. Die swembad het saam met die Wanderers Sportkompleks, waaroor later meer besonderhede verskaf word, deel van die parkkompleks uitgemaak. Die Stadsraad het die Swembadkiosk en teekamer aan privaatpersone verhuur teen £5 (vyf pond) per maand.[249] Die swembad word gereeld deur skoolgroepe besoek. Verskeie onderwysers gebruik die geleentheid om

---

246 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus,* 30 Aug. 1985.
247 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1992-1993*, p.12.
248 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/10/1/1/, *Notule van Verkeerskomitee,* 7 Jan. 1954, p.5.
249 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/233, korrespondensielêer S2, Brief Stadsklerk-M. Bowie, 23 Des. 1959.

swemonderrig aan die kinders te gee.[250] Besoeke aan die swembad geskied ingevolge die Swembadverordenige op eie risiko. Die Stadsraad is nie aanspreeklik vir beserings of vir die dood van besoekers nie.[251] Die ontwikkeling van die K13-pad (Paardekraalweg) as deurroete deur Krugersdorp in die tagtiger jare, het die park en sportkompleks van mekaar geskei. Die swembadkompleks is in 1993 opgegradeer en die voorheen oninteressante munisipale swembad is in 'n stimulerende waterpark met verskeie swempoele omskep.[252]

Een van die uitstaande kenmerke van Kroningspark is die laning akkerbome. Die munisipaliteit het vanaf die ontwikkeling van die park, jaarliks bome aangeplant om dit vandag nog as een van die boomrykste dele in Krugersdorp te laat uitstaan. Die park vorm deel van Krugersdorp se "groen gordel"[253] wat by die Botaniese Tuine in die noord-ooste begin en by die Krugersdorp Wildtuin in die weste eindig. Die groen gordel sluit ander parke soos die Vleiloeriepark en die Blougatnatuurgebied in. Die ontwikkeling van die groen gordel het in die meer onlangse jare groter aandag begin geniet. Dit vorm vandag deel van die stedelike ontwikkelingsplan van Krugersdorp. Bewaring van die natuurlike omgewing en die benutting van die natuur vir ontspanningsdoeleindes is 'n saak van erns by baie inwoners sowel as die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad.[254]

Pretoriuspark, vernoem na M.W. Pretorius, voormalige eienaar van die plaas Paardekraal waarop Krugersdorp aangelê is, met die Monumentdam bied ook gewilde ontspanning- en hengelgeriewe aan die inwoners van Krugersdorp. Tennis-, jukskei- en rolbalbane vorm deel van die parkkompleks. Pretoriuspark is in 1968 opgegradeer. Terrasse en braaigeriewe is by die park

---

250 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/233, korrespondensielêer S2, Brief Stadsingenieur-E. Pretorius, 5 Okt. 1959.

251 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/233, korrespondensielêer S2, *Swembadverordeninge*, 11 Des. 1957.

252 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C13, *Coronation Park*, sd.

253 Die "groen gordel" verwys na 'n aaneengeskakelde natuur-en parkgebied wat by die Botaniese Tuine begin en deur Krugersdorp woongebiede strek tot by die Krugersdorp Wildtuin en Sterkfonteingrotte.

254 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council*, Jan. 1996, pp.48-50.

aangebring en gras is om Monumentdam geplant.[255] 'n *Health and Racquet Club* met binnenshuise sportfasiliteite en 'n ysskaatsbaan is in die meer onlangse jare noord van die dam ontwikkel. Pretoriuspark huisves jaarliks die Wesrandse Skou, wat deur die Krugersdorpse Publisiteitsvereniging georganiseer word.[256]

### 5.7.2 STRAATVERFRAAIING EN ONDERHOUD VAN SYPAADJIES

Krugersdorp is bekend as een van die boomrykste dorpe aan die Wesrand. Bome is reeds voor die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog deur landdros J.J.C. Human aangeplant ter verfraaiing van die strate. Die aanplant van bome in die strate en op die dorpsgronde is deur die munisipaliteit voortgesit. Dit was veral akkerbome, bloekombome en dennebome wat aangeplant is.[257] Van die reuse bome moes in die negentiger jare verwyder word as gevolg van probleme wat die dennenaalde veroorsaak het. Dit het tot 'n groot polemiek tussen inwoners in die plaaslike koerante gelei. Dit was veral die verwydering van bome in Sterkfonteinweg en die Hoofrifweg wat by die polemiek betrokke was.[258] Die beswaar van die inwoners was nie tevergeefs nie want die bome is nie almal uitgehaal nie. Van die reuse dennebome kan steeds langs Sterkfonteinweg gevind word.

Die Parke-afdeling van die munisipaliteit is verantwoordelik vir die instandhouding van sypaadjies en die sny van gras. Die Stadsraad maak jaarliks in die begroting voorsiening vir hierdie noodsaaklike onderhoudswerk. Die Stadsraad het in 1970 dertien sent uit elke Rand inkomste aan belasting aangewend vir die instandhouding en ontwikkeling van parke en sypaadjies.[259] Die hoë arbeidskoste het die Stadsraad verplig om meer aandag aan meganisering vir die sny van die gras te gee. Die Parke-

---

255 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 19 Maart 1968*, p.22.

256 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 13 Maart 1969*, pp.23,24. Kyk ook inligtingslêer P5, *Parke Departement*, sd.

257 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C13, *Coronation Park*, sd. en T16, *Transport*, sd. Kyk ook Burgemeestersverslae vir die tydperk 1904 tot 1917.

258 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer T16, Verskeie koerantberigte insake verwydering van bome, 1990-1995.

259 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 13 Maart 1970*, p.5.

afdeling was in 1974 verantwoordelik vir meer as 600 kilometer sypaadjies. Die arbeiders het gemiddeld tien kilometer gras per dag gesny, wat beteken het dat hulle 50 dae van die jaar gespandeer het om die gras slegs een keer per seisoen te sny. In die somermaande, wanneer die gras meer dikwels gesny moet word, het dit beteken dat die Parke-afdeling onder groot druk gekom het en dat van die ander verpligtinge agterweë gebly het.[260] 'n Oplossing is dat inwoners self die sypaadjies voor hulle eiendom in stand hou, waarvoor die burgemeester sy waardering uitgespreek het, want die Parke-afdeling kon in 1978 nog nie voor bly met hierdie taak nie ten spyte van die infasering van meganiese toerusting in 1976.[261] Die Parke-afdeling kan vandag nog nie voorbly om in die somerseisoen die gras in parke en langs die paaie gereeld te sny nie.[262]

### 5.7.3 KRUGERSDORP WILDTUIN

Die Krugersdorp Wildtuin is aangelê op 'n gedeelte van die plaas Waterval 174, wat die munisipaliteit aangekoop het vir die ontwikkeling van die Percy Stewart Riooluitvalwerke. Die gebroke en heuwelagtige deel van die plaas was nie vir uitbreiding van die rioolplaas geskik nie en dit is derhalwe vir die ontwikkeling van 'n natuurreservaat opsy gesit. Die Krugersdorp Wildtuin is op 10 Julie 1962 geopen. Die aanvanklike oppervlakte van die wildtuin is in die daaropvolgende jare verdubbel. Die wildtuin beslaan vandag ongeveer 1400 hektaar grond.[263]

'n Verskeidenheid wild is in die wildtuin gevestig. 'n Leeukamp van ongeveer 100 hektaar is in die middel van die wildtuin geleë. Akkommodasie word in 'n goed toegeruste ruskamp aan naweekkampeerders en vakansiegangers verskaf. 'n Lapa naby die ruskamp word as onthaalarea deur die munisipaliteit benut.[264]

---

260 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1974-1975*, p.32.
261 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1978-1979*, p.40.
262 Persoonlike waarneming na ondersoek ter plaatse.
263 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G1, *Game Reserve*, sd. Kyk ook *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 11 Maart 1963*, p.11.
264 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1972-1973*, pp.19,20.

Die totstandkoming van die Krugersdorp Wildtuin in 1962 het, soos reeds bespreek in hoofstuk drie, gepaard gegaan met ontevredenheid en teenkanting van sommige belastingbetalers.[265] Desnieteenstaande het die wildtuin in gewildheid toegeneem. Die verbetering van ontspanningsfasiliteite vir dagbesoekers en die ontwikkeling van 'n piekniekarea met 'n swembad en braaigeriewe[266] het bygedra tot die aanloklikheid van die wildtuin vir die Witwatersrandse stadbewoners wat ontvlugting uit die betonomgewing van die stad soek.[267]

Die Krugersdorp Stadsraad het in 1982 erkenning van die *African Safari Club* in Washington D.C., Verenigde State van Amerika (V.S.A.) ontvang vir sy twintig jaar betrokkenheid by natuurbewaring. Die toekenning is deur die burgemeester en die bestuurder van die wildtuin in Amerika in ontvangs geneem.[268]

Die Krugersdorp Wildtuin is in 1991 geprivatiseer. *African Bush Adventures* het in 'n ooreenkoms met die Stadsraad beheer en bestuur van die wildtuin vir 'n periode van 25 jaar oorgeneem.[269]

### 5.7.4 NATUURPARKE

Die Witwatersrandse Nasionale Botaniese Tuin is ongeveer 225 hektaar in oppervlakte en dit grens aan Roodepoort en Krugersdorp. Beide munisipaliteite het grond vir die ontwikkeling van die botaniese tuin in die laat tagtigerjare afgestaan. Alhoewel die botaniese tuin nie deur die Krugersdorpse munisipaliteit bedryf word nie, is dit een van die grootste aantreklikhede aan die Wesrand. Die tuin voorsien 'n netwerk van wandelpaaie en piekniekfasiliteite aan die natuurliefhebber.[270]

Die Blougat-natuurgebied grens aan die Percy Stewart Riooluitvalwerke en die Krugersdorp Wildtuin. Die Blougat-area was vir baie jare 'n gewilde

265 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *West Rand Times*, 24 Apr. 1964.
266 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1984-1985*, p.19.
267 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag, 1972-1973*, p.19.
268 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1982-1983*, p.34.
269 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Die Transvaler*, 10 Apr. 1991.
270 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleer N3, *Nature reserve*, sd.

piekniekterrein, maar dit is eers sedert die sestiger jare dat die munisipaliteit aandag aan die area begin gee het met die doel om dit as 'n natuurgebied te ontwikkel. Oorweging is selfs daaraan gegee om die gebied in 'n Hoëveldse Botaniese Tuin te ontwikkel. Onderhandelinge met die Direkteur van die Nasionale Botaniese Tuine van Suid-Afrika in die sewentiger jare was egter onsuksesvol en die Witwatersrandse Nasionale Botaniese Tuin het in die plek daarvan ontwikkel. Die Blougat-natuurgebied is deel van Krugersdorp se "groen gordel" met 'n besondere fauna en flora. Die risiko van besoedeling as gevolg van die riooluitvalwerke en die nabygeleë nywerheidsgebied (Delporton) vereis spesiale aandag van die munisipaliteit.[271]

Die Vleiloerie-natuurgebied, aangrensend aan Kroningspark, is in die meer onlangse jare ontwikkel en ideaal vir die voëlliefhebber vanweë die groot verskeidenheid voëls wat daar voorkom. 'n Netwerk wandelpaaie is ontwikkel. Voorsiening word ook gemaak vir perdry en bergfietse. Die Vleiloerie-natuurgebied vorm ook deel van Krugersdorp se "groen gordel".[272]

Die "groen gordel" wat deur Krugersdorp loop, en die natuurskoon van sy topografie het inwoners in 1993 geïnspireer om die Krugersdorp Voetslaanklub te stig. Een van die doelstellings van die Klub is om staptoere vir die algemene publiek te reël en om die publiek bewus te maak van die natuur en omgewingsbewaring. Die Klub het sedert sy stigting verskeie staproetes in Krugersdorp se unieke klowe en natuurlike omgewing ontwikkel.[273]

Die Stadsraad van Krugersdorp is terdeë daarvan bewus dat die ontwikkeling van goedtoegeruste parke, soos Maclean Park (foto no.44), in Krugersdorp daartoe bydra om 'n gelukkige gemeenskap te verseker. Daar word jaarliks in die begroting voorsiening gemaak vir die ontwikkeling van speelparke in elke woongebied met behoorlike ontspanningsgeriewe vir veral kinders. 'n Departementele kwekery voorsien in die munisipaliteit se behoefte vir plante,

---

271 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer N3, *Nature Reserve*, sd. Kyk ook *Burgemeestersverslag 1992-1993*, p.12.

272 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer S13, *Vleiloerie reservaat*, 1994.

273 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Wesrander*, 1 Apr. 1993.

saailinge en bome.[274] Alhoewel die dorpsbeplanningskemas voorsiening maak vir die ontwikkeling van parkgeriewe in Kagiso, Munsieville en Azaadville, is daar geen noemenswaardige parke in hierdie areas nie. Die ruimtes wat op die dorpbeplanningskemas vir parkdoeleindes gereserveer is, is nooit ontwikkel nie. Die storting van vullis op hierdie oop ruimtes hou verband met die ondervoorsiening van vullishouers en swak reinigingsdiens wat in die Swartwoongebiede voorgekom het: 'n saak wat deur die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad sedert 1993 aangespreek word. Die gebrek aan ontspanningsfasiliteite en rekreasie in die Swartwoongebiede is bydraende faktore wat die sosio-kulturele ontwikkeling van die gemeenskappe strem. Die rede waarom die parke nie ontwikkel is nie, is waarskynlik geleë in die persepsie van die gemeenskap, en Stadsraad in 'n mate, dat ander prioriteite soos behuising, belangriker is. Omgewingsbewaring word in die algemeen deur inwoners van hierdie gebiede as 'n luukse gesien en nie as 'n noodsaaklikheid nie wanneer dit opgeweeg word teen die algemene nood aan behuising en gebrek aan munisipale infrastrukture.

## 5.8. BIBLIOTEEKDIENS

### 5.8.1 ONTSTAAN VAN DIE KRUGERSDORP CARNEGIE BIBLIOTEEK

'n Behoefte aan 'n biblioteek is reeds voor die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog deur 'n groep inwoners van Krugersdorp geïdentifiseer. Die saak is in 1903 weer deur die groep inwoners onderleiding van mnr. W.M. Edwards met die Gesondheidskomitee opgeneem, wat 'n versoek om finansiële steun ingesluit het. 'n Formele Biblioteekvereniging is by 'n openbare vergadering op 9 September 1903 gestig, met mnr. W.M. Edwards as voorsitter en mej. H. Martin as die sekretaresse. Subkomitees was verantwoordelik vir fondsinsameling, opstel van biblioteekregulasies en die verkryging van 'n geskikte ruimte waarin die biblioteek bedryf kon word.[275]

274 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 8 Maart 1965*, pp.23,24.

275 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 24 Oct. 1905*, p.8. Kyk ook inligtingsléer L20, *Library*, 1946-1974.

Die Krugersdorp Biblioteek is op 9 Februarie 1904 amptelik geopen in die kantore wat mnr. W.M. Edwards beskikbaar gestel het. Die Gesondheidskomitee het sestig pond by die tweehonderd pond wat in die gemeenskap ingesamel is, bygedra. Die Regering het 'n verdere eenhonderd pond bygedra. Die biblioteek was toeganklik vir alle Blanke inwoners aan die Wesrand teen betaling van 'n subskripsie van dertig sjielings per jaar. Een boek kon op 'n keer uitgeneem word. Die biblioteekure was tussen 13:00 en 14:00; 16:00 en 18:00 en 20:00 en 22:00 op Maandae tot Donderdae. Die eerste bibliotekaresse was mej. R. Soundy.[276]

Voorsiening is in 1907 in die nuwe Krugersdorp-stadsaal gemaak vir die huisvesting van die biblioteek in die westelike vleuel. In hierdie stadium het die biblioteek 3247 boeke gehad, met 'n ledetal van 156 Blanke persone.[277]

Lidmaatskap van die biblioteek het van jaar tot jaar gewissel. Oorweging is in 1911 geskenk aan 'n gratis biblioteekdiens, maar in plaas daarvan het die Munisipale Raad besluit om sy jaarlikse subsidie aan die biblioteek te verhoog na eenhonderd en twintig pond op voorwaarde dat:

- "The Council be represented on the library committee.
- Ratepayers be allowed to use books and periodicals in the library (such books and periodicals not to be taken away).
- All new books in demand were withheld for a certain period for the use of subscribing members only".[278]

Die biblioteekvereniging het die Stadsraad in 1915 versoek om hulle subsidie nogeens te verhoog omdat die Regering hulle subsidie van £100 (eenhonderd pond) onttrek het. Die Stadsraad het hierop besluit om vanaf 1 Oktober 1915 die biblioteek oor te neem en as 'n gratis openbare biblioteek te bedryf. Alle Blanke inwoners binne die Krugersdorp munisipale grense was geregtig om

276 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, Anon., "Krugersdorp Public Library", *S.A. Libraries*, No. 21(2), Oct. 1953, pp.43-45.

277 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 Oct. 1908*, pp.17-18.

278 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, Anon., "Krugersdorp Public Library", *S.A. Libraries*, No. 21(2), Oct. 1953, pp.43-45; *Mayor's Minute for the year ending 30 Oct. 1912*, p.14.

boeke by die biblioteek uit te neem teen 'n deposito van vyf sjielings per boek. Die Krugersdorp Openbare Biblioteek was die eerste "gratis" biblioteek in die Transvaal.[279]

Die Stadsraad het in 1916 by die *Carnegie Corporation of New York* aansoek gedoen vir 'n toekenning vir die oprigting van 'n biblioteekgebou.[280] 'n Donasie van £4500 pond (vierduisend vyfhonderd pond) was hiervoor ontvang. Die Krugersdorp Carnegie Openbare Biblioteek op die hoek van Monument- en Von Brandisstraat is in 1920 geopen (foto no.45). Die lidmaatskap van die biblioteek het van 140 lede tot 1934 lede in 1929 gegroei. 'n Poging om subskripsie vir alle lede verpligtend te maak, is in 1928 deur die Carnegie Korporasie afgekeur, omdat hulle toekenning gemaak was op voorwaarde dat die biblioteekdiens gratis verskaf moes word. In reaksie hierop was slegs fiksiemateriaal gratis aan lede beskikbaar gestel. 'n Subskripsiefooi van tien sjielings moes betaal word om nie-fiksie boeke uit te neem, maar in 1930 is subskripsie ook op fiksiemateriaal van toepassing gemaak. Die ledetal van die biblioteek het onmiddellik gedaal na 156 lede ten spyte daarvan dat die biblioteek ook vir kinders oopgestel is. Die biblioteekdiens is sedert 1933 as 'n selfstandige afdeling van die munisipaliteit bedryf.[281]

Die Krugersdorp Carnegie Biblioteek het in die dertigerjare biblioteekdepots, wat later bespreek word, in Wes-Krugersdorp en Lewisham geopen.

'n Reisende biblioteek met ongeveer 1500 boeke het in die veertigerjare in Krugersdorp gefunksioneer. Die boekewa het weekliks dieselfde roete gevolg en by bepaalde punte vir 45 minute gestop sodat gebruikers boeke kon uitneem. Elke roete het ongeveer agt stoppunte gehad. Teen 1949 was die weeklikse boekuitreikings vir die boekewa gemiddeld 2800 boeke.[282]

---

279 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 Oct. 1915*, pp.9-10.

280 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 Oct. 1916*, p.10.

281 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L20, *Library*, sd.

282 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L19, Brief Bibliotekaris-Boksburg Public Library, 15 Sept. 1949.

Die veertiger- en vyftigerjare word gekenmerk deur 'n geleidelike groei in ledetal en boekevoorraad. Slegs Blanke inwoners van Krugersdorp het gekwalifiseer om as lede by die biblioteek aan te sluit. Volgens die rekords van die Carnegie Biblioteek het die biblioteek self geen doelbewuste pogings aangewend om lees onder die Indiër- Swart- of Bruingemeenskappe te bevorder nie. Inisiatief vir die vestiging van Carnegie-biblioteke in Munsieville en Luipaardsvleilokasie (Kagiso) het van die lokasiesuperintendent en die Krugersdorp Nie-Blankesake Departement uitgegaan.[283]

### 5.8.2 DIE CARNEGIE NIE-BLANKE BIBLIOTEEKDIENS

Die Carnegie Nie-Blanke Biblioteekdiens, Transvaal, het in 1935 as 'n privaat, nie-winsgewende liggaam ontstaan met die doel om lees en die gebruik van biblioteke onder Nie-Blankes te bevorder. Die grondwet van die Biblioteekdiens het ook voorsiening gemaak vir samewerking tussen die Nie-Blankesake Departemente en -biblioteke op alle vlakke en om skenkings ter bevordering van die Nie-Blanke Biblioteekdiens te verkry.[284] Die lokasiesuperintendent het in 1943 Carnegie-biblioteke in Munsieville en die Luipaardsvleilokasie gestig. Die "biblioteke" het aanvanklik uit niks meer as 'n doos boeke bestaan wat deur 'n vrywilliger beheer en gedistrubeer is nie. Die boekevoorraad is plaaslik deur middel van skenkings aangevul.[285]

Die Krugersdorp Nie-Blankesake Departement het in 1953 'n deeltydse bibliotekaris vir die biblioteke in Munsieville en Kagiso aangestel.[286] Die bibliotekaris het volgens die verslag van die departementele welsynwerker "goeie werk" gedoen. Die onderstaande statistiek is uit die verslag van die welsynwerker, Peter Mosai, saamgestel:[287]

---

283 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L19, *Library*, 1984.

284 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L17, *Grondwet, Carnegie Nie-Blanke Biblioteekdiens, Transvaal*, 1935.

285 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L17, *Sewende verslag: Carnegie Nie-Blanke Biblioteekdiens, Transvaal*, 31 Aug. 1943.

286 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L17, *Carnegie Non-European Library*, 1953.

287 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/188, korrespondensielêer N5, *Nie-Blanke sosiale werker/bibliotekaris: Maandelikse rapport*, 31 Okt. 1957 en 30 Jun. 1958.

| ARNEGIE NIE-BLANKE BIBLIOTEEKDIENS<br>Oktober 1957 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Munsieville** | | | **Luipaardsvlei** | | |
| **Lidmaatskap** | **Mans** | **Vroue** | **Totaal** | **Mans** | **Vroue** | **Totaal** |
| Primêre skoliere | 101 | 228 | 319 | 45 | 97 | 142 |
| Hoërskool-skoliere | 32 | 55 | 87 | - | - | - |
| Volwassenes | 10 | 5 | 15 | 7 | 3 | 9 |
| **Totaal** | **143** | **283** | **426** | **51** | **100** | **151** |
| **Boeksirkulasie** | **Fiksie** | **Nie-fiksie** | **Totaal** | **Fiksie** | **Nie-fiksie** | **Totaal** |
| Afrikaans | 49 | - | 49 | 4 | - | 4 |
| Engels | 80 | 3 | 83 | 31 | 1 | 32 |
| Swarttaal | 83 | - | 83 | - | - | - |
| **Totaal** | **212** | **3** | **215** | **35** | **1** | **36** |

**Figuur 36**

Dit is duidelik uit die bostaande statistiek dat die twee biblioteke, onderskeidelik in Munsieville en Kagiso (Luipaardsvlei), 'n opdraende stryd gestry het om 'n leeskultuur in die Swartgemeenskappe te vestig. Die beperkte aantal boeke en die gebrek aan leesstof in die Swarttale het weliswaar stremmend op die ontwikkeling van die biblioteke ingewerk.

Om die leemtes in die boekevoorraad aan te vul het die Krugersdorp Stadsraad in 1960 by die Carnegie Nie-Blanke Biblioteekdiens, Transvaal, geaffilieer.[288] Die affiliasie het die verdere ontwikkeling van die twee biblioteke gestimuleer. Die Kagiso Carnegie Biblioteek is in 1972 op die jaarvergadering van die Carnegie Nie-Blanke Biblioteekdiens, Transvaal, as 'n modelbiblioteek uitgesonder.[289] 'n Nuwe biblioteekgebou is in dieselfdejaar in Kagiso opgerig. Die Wesrand Streekdiensteraad het in 1990 'n nuwe administratiewe kantoorblok en gemeenskapsaal in Munsieville opgerig. Die Munsieville-biblioteek word sedertdien in 'n gedeelte van die nuwe kompleks

288 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L17, *Notule: Konferensie van owerhede van geaffilieerde biblioteke*, 5 Junie 1964.

289 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L17, Brief Bestuurder Nie-Blankesake Departement-Bibliotekaresse, 15 Des. 1972.

gehuisves. Beide hierdie geboue is sentraal in die woongebiede geleë, wat dit toeganklik maak vir die meerderheid inwoners. Lidmaatskap en die sirkulasie van boeke het egter in beide biblioteke laag gebly, hoofsaaklik as gevolg van die unieke behoefte waaraan die biblioteke as studiefasiliteit in die gemeenskap voldoen.

Studente maak hoofsaaklik van die biblioteekfasiliteit en boeke gebruik om te studeer, omdat die huislike omstandighede (oorbewoning, geringe privaatheid en geraas), nie bevorderlik is vir studeer en huiswerk nie. Onrus in skole in Swartwoongebiede wat die sewentiger- en tagtigerjare gekenmerk het, het die gebruik van die biblioteke as studiefasiliteite bevorder. Die benutting van die Kagiso- en Munsieville-biblioteke as studiesentrums het in die negentigerjare sodanig toegeneem dat die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad in 1993 gekonfronteer is met 'n gebrek aan biblioteekfasiliteite in die twee woongebiede. Dit is nie net 'n geval van biblioteke wat mank gegaan het aan voldoende ruimte om aan die behoefte van die studerende Swartjeug te voldoen nie, maar die Oorgangsraad moes ook aandag gee aan die opgradering en aanvul van die beperkte boekevoorraad.[290]

## 5.8.3 VAN BIBLIOTEEKDEPOT TOT TAKBIBLIOTEEK

Biblioteek depots is in sowel Wes-Krugersdorp as Lewisham geopen. Die biblioteek depot in Wes-Krugersdorp is vanaf 1933 tot 1938 gehuisves in 'n gedeelte van Adcock-apteek, waarna dit na 'n eie perseel verskuif het en 'n voltydse bibliotekaresse aangestel is. Alhoewel die ruimte in die biblioteek baie beperk was, het die lidmaatskap geleidelik gegroei, en daarmee saam die behoefte aan beter fasiliteite. Die biblioteekdepot in Wes-Krugersdorp het tot 'n volwaardige takbiblioteek ontwikkel. Die takbiblioteek is vernoem na Raadslid Sakkie Nel wat hom vir die oprigting van 'n biblioteekgebou in Wes-Krugersdorp beywer het. Die takbiblioteek is op 9 Julie 1984 geopen, bekend as Sakkie Nel-takbiblioteek.[291]

---

290 Biblioteek, Krugaersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L19, *Library*, 1984; J.M. Moeketsi, Onderhoud, 1998.

291 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L19, *Library West Krugersdorp*, sd.

Die biblioteekdepot in Lewisham was ook tydelik in 'n Adcock-apteek gehuisves. Daarna het die depot na 'n rondawel in Greystraat verhuis. 'n Biblioteekgebou vir die Lewisham-takbiblioteek is in 1982 langs die Jubileumsaal op die hoek van Victor- en Lewisstrate opgerig waar dit binne bereik is van inwoners in die Kenmare-, Silverfields-, Mindalore,- Wentworth Park- en Lewishamwoongebiede.[292]

Die stigting van 'n Indian Library Association in 1963 het gelei tot die vestiging van 'n biblioteek vir die Indiërgemeenskap in Azaadville. Die Azaadville-biblioteek is deur die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens geadministreer en ontwikkel in samewerking met die Indiër Gemeenskapsraad. Beheer oor die biblioteek is in 1990 na die Krugersdorp Stadsraad oorgedra wat dit sedertdien as 'n takbiblioteek bedryf.[293]

### 5.8.4 DIE KRUGERSDORP SENTRALE BIBLIOTEEK

Die Krugersdorp Carnegie Biblioteek, vandag bekend as die Krugersdorp Sentrale Biblioteek, het in 1964 met die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens geaffilieer met die doel om 'n groter verskeidenheid biblioteekmateriaal te bekom en 'n kostelose diens aan die publiek te lewer. Oorweging is gegee aan die bou van 'n groter biblioteekgebou op die noord-oostelike gedeelte van Strijdomplein ten einde aan die behoeftes van die toenemende aantal lede te voorsien en die uitgebreide boekevoorraad te huisves.[294] Die ou Carnegie Biblioteekgebou is uiteindelik in die sewentiger-jare afgebreek om plek te maak vir 'n nuwe moderne biblioteekgebou. Die nuwe biblioteekgebou is op 16 November 1976 amptelik geopen.[295]

Die publiek word in vier afdelings in die nuwe biblioteekgebou bedien, naamlik die jeugafdeling met boeke vir kinders; die volwasse leenafdeling waar fiksie en nie-fiksieboeke as ontspanningsleesstof beskikbaar is. Nie-

---

292 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L19, *Lewisham Branch Library*, sd.

293 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L20, *Library*, sd.

294 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 9 Maart 1964*, p.8. Die Markplein is in 1958 vernoem na advokaat J.G. Strijdom, Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika.

295 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1976-1977*, pp.8,47,48.

fiksieboeke vir studie en verwysingsdoeleindes is in die naslaanafdeling beskikbaar, terwyl die waardevolle boeke en nie-fiksie versameling van die Carnegie Biblioteek in die Africana-afdeling gehuisves word. Die biblioteekmateriaal is ook uitgebrei om musiekitems soos plate, kasette en kompakskywe in te sluit.[296]

Die boekevoorraad van die Krugersdorp Sentrale Biblioteek is sedert 1980 met die hulp van die munisipaliteit se data-afdeling op rekenaar geplaas. In 1992 is daar na 'n onafhanklike verbeterde rekenaarstelsel, bekend as *Bookfinder*, oorgeskakel. Die nuwe rekenaarstelsel is baie meer gebruikersvriendelik as die vorige stelsel en gekoppel aan kasregisters wat nie net tyd bespaar met die uitreiking en terugneem van biblioteekmateriaal nie, maar ook tyd bespaar met aansluiting van lede, herregistrasies en boetes.

'n Versoek van die Afrikaanse Skrywersgilde[297] dat die Krugersdorp-biblioteek vir alle rassegroepe oopgestel moes word, is in 1986 deur die Stadsraad afgewys.[298] Die motivering vir die versoek was om die werke van die Skrywersgilde toeganklik te maak vir alle rassegroepe, maar die Stadsraad het die versoek geweier. Die besluit van die Stadsraad moet gesien word in die lig van die politieke konserwatisme wat in hierdie tyd in Krugersdorp voorgekom het.[299] As gevolg van geweldige kostestygings het die Stadsraad reeds in 1991 in oorleg met die Provinsiale Biblioteekdiens besluit om subskripsiegelde ten bedrae van R10-00 per jaar per volwassene en R5-00 per jaar per pensionaris of kind in te stel. Alle Blanke inwoners van Krugersdorp het gekwalifiseer om as lede by die biblioteek aan te sluit. Die instel van subskripsie het 'n daling in ledetal tot gevolg gehad.[300] Die onderstaande

296 Persoonlik waarneming na ondersoek ter plaatse.

297 Die Afrikaanse Skrywersgilde is 'n vereniging van erkende, professionele skrywers van Afrikaanse lektuur, fiksie en nie-fiksie, in Suid-Afrika.

298 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Wes Rand Vaderland,* 15 Mei 1986, inligtingslêer L19, *Library*, sd.

299 Die Azaadville biblioteek is sedert die tagtiger jare deur die Krugersdorp biblioteek as 'n takbiblioteek bestuur.

300 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1990-1991*, "Biblioteek".

tabel gee 'n oorsig van die ledetal en boekevoorraad van die Krugersdorp Sentrale Biblioteek sedert 1904.[301]

| STATISTIEK KRUGERSDORP SENTRALE BIBLIOTEEK | | | |
|---|---|---|---|
| **Jaar** | **Ledetal** | **Boekuitreikings per jaar** | **Boeke voorraad** |
| 1904 | 120 | 3866 | 1000 |
| 1909 | 167 | 5298 | 3247 |
| 1914 | 142 | 5731 | 4860 |
| 1929 | 1934 | 17433 | 7500 |
| 1934 | 1290 | 50415 | 9942 |
| 1939 | 3884 | 138031 | 17463 |
| 1944 | 7192 | 196332 | 26834 |
| 1949 | 8433 | 233118 | 37453 |
| 1954 | 10884 | 284725 | 51561 |
| 1964 | 9506 | 272231 | 59461 |
| 1969 | 12112 | 316919 | 61000 |
| 1975 | 10884 | 325843 | 93704 |
| 1978 | 15522 | 407306 | 117963 |
| 1982 | 21107 | 449110 | 154400 |
| 1987 | 31615 | 458304 | 154400 |
| 1993 | 10748 | 468710 | 160459 |

**Figuur 37**

Die daling in die ledetal wat gepaard gaan met die heffing van subskripsiegelde sedert 1991, is opmerklik wanneer die ledetal van 1987 met die ledetal in 1993 vergelyk word. Dieselfde tendens is opmerklik in 1929 en 1934 wat ook gepaard gaan met die hef van subskripsiegelde. Die groei in die boekevoorraad is verblydend. Die Krugersdorp-biblioteek het 'n groot verteenwoordigende versameling gepubliseerde lektuur met verantwoordelikheid opgebou. Die Sentrale Biblioteek is eers in 1993 vir alle inwoners van Krugersdorp oopgestel. Met die amalgamering van die Krugersdorp-munisipaliteit met die munisipaliteite van Kagiso en Munsieville in 1993, is die biblioteke te Kagiso en Munsieville ook as volwaardige

301 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L20, *Library*, sd. Statistiese gegewens in die periode 1914 tot 1929 kon nie opgespoor word nie, wat die gaping in die tydgleuf van die tabel verklaar.

takbiblioteke by Krugersdorp ingelyf. Behalwe die Sentrale Biblioteek, bedryf die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad sedert 1993 vyf takbiblioteke, naamlik Sakkie Nel, Lewisham, Azaadville, Kagiso en Munsieville, asook 'n aantal biblioteekdepots by verskillende kleuterskole, ouetehuise, die Burgershoop Gemeenskapsentrum, Wesrand Kreupelsorg en die Krugersdorp gevangenis.[302]

Biblioteke is die enigste plekke in Krugersdorp waar die gemeenskap 'n verteenwoordigende versameling gepubliseerde inligting vir persoonlike meningvorming, kan vind oor probleme en idees, en waar geestelike verryking en ontspanning vrylik toeganklik is. Die verantwoordelikheid van die Krugersdorp-biblioteke om in die verspreiding en voorsiening van biblioteekmateriaal teenstrydighede van die verlede aan te spreek, het sedert die politieke verandering in Suid-Afrika toegeneem. Die biblioteke het ook 'n bepaalde bydrae om te lewer om die vlak van geletterdheid van 'n groot deel van die gemeenskap op te hef en 'n lewenslange lees en leer kultuur by die jeug aan te moedig.

Biblioteekdienste in die verlede was reaktief van aard. Die biblioteek het slegs gebruikers wat die biblioteek besoek het, van inligting en biblioteekmateriaal bedien. Baie min was gedoen om die waarde van inligting, geletterdheid en die lees en leer kultuur aan persone wat nie die biblioteek besoek het, bekend te stel. Die meerderheid van die inwoners, veral diegene in die woongebiede van Kagiso en Munsieville, is as gevolg van die reaktiewe beleid van die biblioteek, steeds nie bewus van die rol wat biblioteke in opvoeding, rekonstruksie en heropbou kan speel nie. Biblioteke kan die lewenskwaliteit van die gemeenskap verhoog, maar dan alleen as dit deur die gemeenskap gebruik word. Die doelwit van die Krugersdorp Biblioteek is om middele daar te stel vir die selfontwikkeling van die individu en om die onderwerpe waarin formele onderwys onderneem word, te verryk en te ontwikkel.[303]

---

302 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L19, *Library*, 1984.

303 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1990-1991*, "Biblioteke".

## 5.9. GEMEENSKAPSDIENS

### 5.9.1 MAATSKAPLIKE SORG

Die maatskaplike probleme in die versorging van die armes, kinders, bejaardes en weduwees binne die munisipale gebied is die gesamentlike verantwoordelikheid van die gemeenskap. Die verskaffing van geld, klere, voedsel en versorging op 'n tydelike grondslag aan behoeftige persone is een van die oudste vorme van hulp wanneer liefdadigheid bewys word. Die Stadsraad van Krugersdorp het in 1989 goedkeuring verleen vir die oprigting van 'n gemeenskapsentrum[304] in Burgershoop. Die sentrum word in samewerking met die Departement Gesondheid en Welsynsdienste bedryf met behulp van vrywillige werkers. Die doel van die sentrum is primêr om die lewenskwaliteit van die inwoners van Appelpark op te hef, en in breë verband, die lewenskwaliteit van al die inwoners van Krugersdorp.

Die Burgershoop Gemeenskapsentrum het sedert sy ontstaan verskeie gemeenskapsprojekte van stapel laat loop. Die kleuterskool en naskool-sorgsentrum is reeds selfonderhoudend. Die meerderheid van die projekte van die sentrum is gerig op werkskepping en aanleer van vaardighede met die doel om die gemeenskap minder afhanklik van maatskaplike versorging te maak.

'n Soortgelyke sentrum bestaan in Kagiso. Die Kagiso-gemeenskapsentrum het spontaan in die negentigerjare ontstaan toe verskillende groepe in die gmeenskap, byvoorbeeld die Itsotheng Disabled Peoples Organisastion geboue wat deur die Kagiso-munisipaliteit ontruim is, betrek het. Die beperkte ruimte en fasiliteite, asook die verwaarloosde toestand van die geboue, gee aan die Kagiso Gemeenskapsentrum 'n groot agterstand om 'n deurbraak in die gemeenskapsdiens daar te maak.

Die verstedelikingsproses en groeitempo van Krugersdorp het maatskaplike probleme soos onder andere gebroke huise, drank- en dwelmmisbruik, misdaad, werkloosheid, armoede en oorbewoning tot gevolg. Die meeste

---

304 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr G18, *Gemeenskapsentrum*, 1989-.

gesinne wat na Krugersdorp verhuis het om 'n heenkome aan die Witwatersrand te soek, kon volgens die Gemeenskapsprofiel van Krugersdorp nie huisvesting bekostig wat in die behoeftes van die huisgesin voldoen nie. Hulle het hul derhalwe op die stedelike periferie gevestig waar geen infrastruktuur bestaan of munisipale dienste gelewer word nie. Die lae lewenskwaliteit van die mense kan onder andere toegeskryf word aan die feit dat 'n groot groep van die inwoners intellektueel laag funksionerend is. Werkloosheid maak hulle afhanklik van die staat en maatskaplike versorging. Beskikbare fondse word in die algemeen onoordeelkundig en sonder enige finansiële beplanning bestee. Die misbruik van alkohol hou hiermee verband. Die meerderheid van die gesinne het jong kinders tussen die ouderdom 5 en 15 jaar. Ouers kan nie dagsorg vir hulle kinders bekostig nie en voldoende versorging en stimulering ontbreek dikwels, veral waar ouers bedags die huise verlaat om 'n inkomste te verdien. Die gevolg is dat kinders stadig vordering op skool maak sonder enige toekomsgerigtheid. Inwoners het oor die algemeen baie vrye tyd, maar geen fasiliteite of die stimulasie vir konstruktiewe vryetydbesteding nie. Seksuele losbandigheid word gekenmerk deur buite-egtelike verhoudings, swangerskappe en saamleefverhoudings. In die algemeen word hierdie inwoners as milieugestremd beskou, omdat hulle weinig toekomsgerigtheid het en sukkel om finansieel kop bo water te hou. Selftrots kom selde voor en die min geleenthede vir selfverryking word nie aangegryp nie, omdat die inwoners nie daarop ingestel is nie.[305] Dit is veral aan hierdie mense wat die munisipaliteit maatskaplike dienste lewer ten einde die lewenskwaliteit van die inwoners in die algemeen te verbeter.

Die maatskaplike ontwikkeling van die inwoners van Kagiso en Munsieville het ook as gevolg van die verstedelikingsproses en politieke bedeling van die verlede agterweë gebly.[306] Die maatskaplike versorging van die gemeenskappe word gesamentlik deur die munisipaliteit en die privaatsektor

305 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A16, *Gemeenskapsprofiel*, 29. Febr. 1988.

306 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G18., *Gemeenskapsprofiel Kagiso, Munsieville, Azaadville, Lusaka, Muldersdrift*, 1996.

hanteer. Die Stadsraad het die eerste sosiale werker in die Departement Naturellesake in 1953 aangestel.[307]

Die ideaal is dat een sosiale werker per 5000 persone in 'n gebied maatskaplike dienste lewer. Die totale bevolking in Krugersdorp, volgens die 1991 bevolkingsensus,[308] is 263168 persone, wat beteken dat Krugersdorp 'n tekort aan 21 sosiale werkers het. Die Krugersdorp munisipaliteit het ses sosiale werkers in diens en die privaatsektor ongeveer 25, wat ontoereikend is vir die totale bevolking van Krugersdorp. Dit verklaar waarom daar so 'n groot agterstand in die lewering van maatskaplike dienste in Krugersdorp is.

Ander maatskaplikedienste wat die ondersteuning van die munisipaliteit geniet, is kinderhuise, ouetehuise en welsynsorganisasies. Hierdie dienste word deur die privaat sektor en deur vrywillige werkers bedryf, maar deur die munisipaliteit ondersteun in die vorm van subsidies en infrastruktuur. Die gemeenskappe van Azaadville, Kagiso en Munsieville het nie dieselfde uitgebreide dienste as wat in Krugersdorp beskikbaar is nie. Die implementering van 'n holistiese gesondheids- en maatskaplike program word daarom deur die Plaaslike Oorgangsraad in die vooruitsig gestel.[309]

### 5.9.2 BEGRAAFPLASE

Die begrawe van armlastiges was van die ontstaan van die munisipaliteit die verantwoordelikheid van die plaaslike owerheid. Die Krugersdorp Begraafplaas aangrensend aan Burgershoop is tot in 1938 gebruik, toe 'n nuwe begraafplaas op die pad na Sterkfontein, oorkant die Sterkfontein Hospitaal, in gebruik geneem is. 'n Sierlike hek van gietyster met 'n wagkamer en kantoor vir die opsigter dien sedert 1912 as toegang tot die ou Krugersdorp begraafplaas.

---

307 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G18, *Nie-Blankesake Departement*, sd.

308 RSA, Sentrale Statistiekdiens, Bevolkingsensus 1991, Uitgesoekte statistiese streek Wesrand, Verslag no.03-01-18(1991).

309 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G18, *Gemeenskapsentrum*, sd.

Verskeie familiegrafte van pioniers van die dorp kan in die Ou Krugerdorp begraafplaas gevind word. Burgers wat in skermutselinge tydens die Jamesoninval gesterf het, is in die Ou Krugersdorp-begraafplaas begrawe. Britse soldate wat in die Suid-Afrikaanse Oorlog in die Krugersdorpomgewing, insluitende die Slag van Nooitgedacht, gesneuwel het, is in Krugersdorp herbegrawe. Daar is ook 'n gedenknaald ter ere van die gesneuwelde soldate opgerig.

Die konsentrasiekampgrafte in die ou Krugersdorp-begraafplaas is in 1944 eenvormig opgeknap en herstel. 'n Gedenknaald is ook ter nagedagtenis aan die oorledenes opgerig omdat die meeste grafte net nommers gehad het en die name van die oorledenes verlore gegaan het. 'n Muur skei die konsentrasiekampgrafte van die res van die begraafplaas af.

Die groot aantal inwoners van Joodse herkoms wat die vroeë geskiedenis van Krugersdorp kenmerk, word ook in die begraafplaas gereflekteer. Die spesiale afdeling vir Jode word vandag nog gebruik.

Voorsiening is ook gemaak dat Moslems (Indiërs) en Swartmense in afsonderlike sektore van die begraafplaas begrawe word. Slegs Swartmense wat in Krugersdorp gewoon of gewerk het, is hier begrawe. Tot en met 1912 was dit die gebruik dat Swartmynwerkers deur mynowerhede op myngrond begrawe is. As gevolg hiervan kom kleiner en groter begraafplase vir Swart-mynwerkers verspreid op myngronde voor. Die meeste van hierdie begraafplase is nie aangeteken nie. Die Krugaersdorp Munisipaliteit het volgens die burgemeestersverslae van 1904 tot 1910 met die verskillende mynhuise onderhandel vir die oprigting van 'n formele begraafplaas vir Swartmynwerkers. 'n Formele begraafplaas vir Swartmynwerkers is in 1912 op grond van die Lancaster West Gold Mine suid van Krugersdorp aangelê. In die eerste twee jaar is 212 en 188 Swartmynwerkers respektiewelik in die Luipaardsvlei begraafplaas begrawe.[310] Die begraafplaas was waarskynlik tot

310 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 Oct. 1913*, p.113. Kyk ook Burgemeestersverslae 1904 tot 1912; TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/36 korrespondensieleêer B34, *Oppervlaktepermit no. 12 van 1912*, 26 Apr. 1912.

in die dertigerjare vir hierdie doel gebruik. 'n Oppervlaktepermit vir die hergebruik van die grond en die ontwikkeling van sportgronde is in 1953 aan die Luipaardsvlei Estate Gold Mining Company uitgereik; 'n aanduiding dat die grond toe reeds vir meer as twintig jaar nie meer as 'n begraafplaas gebruik was nie.[311]

Die Sterkfontein-begraafplaas is vandag nog in gebruik. Dit voorsien afsonderlike afdelings vir verskillende bevolkings- en religieuse groepe.

## 5.10. SLOTOPMERKING

Die Stadsraad speel 'n belangrike beleidmakende rol in die skep van infrastrukture en die lewering van munisipale dienste, maar dit is die amptenary wat verantwoordelik is vir die fisiese werk wat aan die skep van infrastrukture verbonde is. Raadslede en die amptenary is dikwels so betrokke by die dag tot dag funksies van die munisipaliteit dat insig oor die behoeftes, verwagtinge en aspirasies van die gemeenskap wat hulle dien, soms verlore raak. So het die skepping van 'n munisipale infrastruktuur weinig verligting gebring in die sosiale ontwrigting van die mense wat op die rand van die dorp lewe, want 'n groot deel van dié woongebiede het teen 1993 nog nie water vir elke huishouding gehad nie. Waterkrane is op sentrale punte in die woongebiede aangebring waarvandaan water vir huishoudelike gebruik aangedra moes word. Elektrisiteitsvoorsiening aan individuele huishoudings is beperk tot die tradisioneel Blanke woongebiede en die meer onlangse uitbreidings in Kagiso en Munsieville. 'n Groot deel van die meer gevestigde (ou) ontwikkeling in Kagiso en Munsieville het nog nie teen 1993 direkte kragverbindings gehad nie. Lugbesoedeling in die vorm van onaangename reuke wat afkomstig is van die nabygeleë nywerheidsontwikkeling en rioolwerke, asook stof vanaf die mynhope hou ernstige gesondheidsprobleme vir nabygeleë gemeenskappe in. Die hoë digtheidswoning en oorbewoning in twee- en drievertrekhuise wat deur die munisipaliteit onder sy ekonomiese behuisingskema in die Swartwoongebiede voorsien is, skep maatskaplike

311 Die begraafplaas is in 1996 per abuis tydens die konstruksie van 'n verbindingspad tussen die SBD en Kagiso ontbloot. Kyk Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K13, *Begraafplaas*, 1997.

probleme wat die lewenskwaliteit van die inwoners verlaag. Die gebrek aan behoorlike verbindingsroetes of openbare vervoerstelsel strem die ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskappe. Die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad is daarom gekonfronteer met 'n ernstige sosio-maatskaplike verantwoordelikheid teenoor hierdie gemeenskappe wat met 'n versiende en deeglike ontwikkelingstrategie aangespreek moet word.[312]

Die hoofdoel van munisipale dienslewering is die bevordering van die algemene lewenskwaliteit van die gemeenskap. 'n Beter kwaliteit lewe behels nie net infrastruktuurskepping, byvoorbeeld riolering, behuising en elektrisiteitsvoorsiening nie, maar ook geestelike en kulturele verryking. Infrastruktuurskepping en dienslewering het in die periode 1903 tot 1993 aan die behoeftes en lewenskwaliteit van die Blanke gemeenskap voldoen. Die kwaliteit- en kwantiteit-dienste aan die Swart-, Indiër- en Bruingemeenskappe het slegs in die minimum behoeftes van die gemeenskappe voldoen. Kultuurdienste en geestelike verryking van die Krugersdorp-gemeenskap het nie dieselfde aandag as die sogenaamde "harde" dienste geniet nie. In die transformasie van munisipale dienste wat op die amalgamasie van die Krugersdorp-, Munsieville-, Kagiso- en Azaadville-munisipaliteite in 1993 volg, is dit nodig dat die wanbalans in munisipale dienslewering tussen die verskillende bevolkingsgroepe aangespreek word. Die balans tussen infrastrukturele-, handels- en kultuurdienste moet ook die aandag van die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad geniet.

---

312 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban structure plan for the Greater Krugersdorp*, Vol.1, Jul. 1996, pp.98-103.